GRONDWET

AGRI
WES-CAPE • WES-KAAP

INHOUDSOPGAWE

		Ble
1.	**NAAM**	**8**
2.	**DOELSTELLINGS**	**9**
3.	**LIDMAATSKAP**	**14**
3.1	**Samestellende lede**	**14**
3.2	**Outonomie van samestellende lede**	**15**
3.3	**Vereistes vir lidmaatskap**	**15**
3.4	**Lidmaatskapgelde**	**15**
3.5	**Beëindiging van lidmaatskap**	**16**
3.6	**Ander affiliasies**	**17**
4.	**BESTUUR EN GESAG**	**18**
4.1	**Jaarkongres**	**18**
4.1.1	Samestelling	18
4.1.2	Kworum	21
4.1.3	Reëls vir jaarkongres	21
4.1.3.1	Algemeen	21
4.1.3.2	Spesiale kongres	23
4.1.3.3	Beskrywingspunte en sake vir bespreking	23
4.1.3.4	Stemming	26
4.1.3.5	President	**27**
4.1.3.6	Tydsbeperking	27
4.1.4	Streekkongresse	27
4.2	**Raad van Direkteure**	**28**
4.2.1	Samestelling	29
4.2.2	Alternatiewe Direkteure	30

4.2.3 Kworum 30

4.2.4 Vergaderings 30

4.2.5 Magte en pligte 30

4.3 Dagbestuur 34

4.3.1 Samestelling 34

4.3.2 Vergaderings 34

4.3.3 Kworum 35

4.3.4 Magte en pligte 35

4.3.5 Plaasvervangers 35

4.4 President en Vise-President 35

4.5 Ere-President 40

BEDIENINGSTRUKTUUR VIR ALGEMENE LANDBOU-SAKE

5. DIE AGRI WES-KAAP ALGEMENE SAKEKAMER 41

5.1 Doel 41

5.2 Lidmaatskap 41

5.2.1 Geaffilieerde lede 41

5.2.2 Aansoek om lidmaatskap 43

5.2.3 Outonomie van geaffilieerde lede 45

5.2.4 Vereistes vir lidmaatskap 45

5.2.5 Lidmaatskapgelde 46

5.2.6 Beëindiging van lidmaatskap 47

5.3 Bestuur en Gesag 49

5.3.1 Die Bestuur 49

5.3.1.1 Samestelling 49

5.3.1.2 Kworum 50

5.3.1.3 Vergaderings 50

5.3.1.4 Magte en pligte 51

5.3.2 Dagbestuur 54

5.3.2.1 Samestelling 54

5.3.2.2 Plaasvervangers 55

5.3.2.3 Vergaderings 55

5.3.2.4 Kworum 55

5.3.2.5 Magte en pligte 55

5.3.3 Voorsitter en Vise-Voorsitter 56

5.3.4 Reis en Verblyfkoste 62

5.3.5 Fondse en Boekjaar 63

BEDIENINGSTRUKTUUR VIR LANDBOUBESIGHEDE

6. AGRI WES-KAAP BESIGHEIDSKAMER 64

6.1 Doel 64

6.2 Lidmaatskap 64

6.2.1 Geaffilieerde lede 64

6.2.2 Aansoek om lidmaatskap 65

6.2.3 Outonomie van geaffilieerde lede 66

6.2.4 Vereistes vir lidmaatskap 67

6.2.5 Lidmaatskapgelde 68

6.2.6 Beëindiging van lidmaatskap 68

6.3 Bestuur en Gesag 70

6.3.1 Besigheidskongres 70

6.3.1.1 Samestelling 70

6.3.1.2 Kongresreëls 71

6.3.1.3 Pligte en magte 75

6.3.1.4 Kworum 77

6.3.2 Bestuur 78

6.3.2.1 Samestelling 78

6.3.2.2 Kworum 79

6.3.2.3 Magte en pligte 79

6.4 Voorsitter en Vise-Voorsitter 84

6.5 Dagbestuur 85

6.6 Funksionele Komitees 86

6.7 Vergaderings en huishoudelike reëls 87

6.8 Voorregte van geaffilieerde lede 88

6.9 Fondse en Boekjaar 89

BEDIENINGSTRUKTUUR VIR LANDBOUBEDRYWE

7. AGRI WES-KAAP BEDRYFSKAMER 89

7.1 Doel 89

7.2 Lidmaatskap 90

7.2.1 Geaffilieerde lede 90

7.2.2 Interne Bedryfsorganisasies 91

7.2.3 Aansoek om Lidmaatskap 91

7.2.4 Outonomie van geaffilieerde lede 92

7.2.5 Vereistes vir lidmaatskap 93

7.2.6 Lidmaatskapgelde 94

7.2.7 Beëindiging van lidmaatskap 94

7.3 Bestuur en Gesag 96

7.3.1 Die Bestuur 96

7.3.1.1 Samestelling 96

7.3.1.2 Kworum 97

7.3.1.3 Vergaderings 98

7.3.1.4 Magte en pligte 98

7.4 Voorsitter en Vise-Voorsitter 104

7.5 Dagbestuur 105

7.6 Vergaderings en huishoudelike reëls 106

7.7 Fondse vir Boekjaar 108

7.8 Voorregte van geaffilieerde lede 108

8. REIS- EN VERBLYFTOELAE 109

9. FONDSE EN BOEKJAAR 110

10. WYSIGING VAN DIE GRONDWET 111

11. TOEPASSING 112

12. ONTBINDING 112

13. AMPTELIKE TEKS 112

BYLAE 1

BYLAE TOT BEDRYFSBEDIENINGSTRUKTUUR

INTERNE BEDRYFSORGANISASIES 114

1. INSTELLING 114

2. DOEL 114

3. STATUS 115

4. STRUKTUUR EN GESAG 115

5. GRONDSLAG VAN SAMESTELLING VAN DIE BEDRYFSKONGRES EN –KOMITEE OF BESTUUR 117

6 BEDRYFSKONGRES 118

6.1 Gesag 118

6.2 Samestelling 118

6.3 Kworum 119

6.4 Kongresreëls 119

7. KOMITEE OF BESTUUR 123

7.1 Samestelling 123

7.2 Bevoegdhede 124

7.3 Algemene reëls 125

8. ADMINISTRASIE 127

9. ERE-TOEKENNINGS 128

AGRI WES-KAAP

GRONDWET EN REGLEMENTE

1. NAAM

Die naam van die vereniging is Agri Wes-Kaap en dit is 'n regspersoon met die mag om in eie naam:

1.1 Enige vaste of roerende eiendom te besit, te koop of andersins te verkry, te verkoop, te huur of te verhuur, te verpand en/of op enige ander manier met verband te belas, dit as sekerheid te neem of te gee en/of op enige ander wyse te vervreem of van die hand te sit en om enige saaklike of ander reg daaroor te gee of te verkry en in die algemeen enige regshandeling daaromtrent aan te gaan;

1.2 Enige fondse of gelde waaroor dit mag beskik, uit te leen en/of op enige wyse hoegenaamd te belê met of sonder sekuriteit en op sodanige voorwaardes as waarop van tyd tot tyd besluit mag word;

1.3 Geld te leen en op te neem en lenings van enige soort te verkry en aan te gaan en sodanige sekuriteit daarvoor te gee as wat nodig mag wees;

1.4 Bankrekenings te open en daarop te trek en te oortrek;

1.5 Waar nodig, die verpligtinge van enige persoon of regspersoon te waarborg of vir hulle borg te staan en borgaktes en/of aktes van sekerheidstelling te teken en aan te gaan;

1.6 Regsgedinge in te stel en te verweer en enige verskil aan arbitrasie te onderwerp en om in verband met sodanige regsgedinge of arbitrasie-verrigtinge of geregtelike ondersoeke, die nodige regspraktisyne en/of deskundiges aan te stel en te vergoed;

1.7 Enige persoon of instansie in diens te neem of aan te wend om sy werk en sake te doen en uit te voer met sodanige magte en op sodanige voorwaardes ten opsigte van vergoeding en andersins as wat van tyd tot tyd bepaal mag word;

1.8 Honoraria en toelaes aan direkteure, komiteelede en personeel te betaal vir dienste verrig;

1.9 Direkteure en werknemers skadeloos te stel vir enige leed of beskadiging deur hulle in die loop van hul diens opgedoen;

1.10 By enige aftreeskema tot die voordeel van sy werknemers aan te sluit;

1.11 Enige saak, die bevordering waarvan ingesluit is by die hiernagemelde doelstellings, geldelik te ondersteun;

1.12 Geskenke en/of bydraes van enige soort te aanvaar en te ontvang;

1.13 Alles te doen wat nodig mag wees om aan die bogemelde magte en aan die hiernavermelde doelstellings uitvoering te gee; en

1.14 Te affilieer by Agri SA.

2. DOELSTELLINGS

2.1 Om met die oog op gekoördineerde beleidsvorming, die landbou- en landelike gemeenskappe binne die gebied van die Provinsie Wes-Kaap tesame met die landbou-besigheidsektor en die landboubedrywe in hierdie gebied in 'n verenigde landboufront te organiseer ten einde die sienswyse van die landbougemeenskap so te koördineer, sodat hulle met een mond kan praat oor sake van sowel algemene as besondere belang.

2.2 Om met ander sektore saam te werk ter bevordering van 'n stabiele en gesonde volkshuishouding met volle inagneming van die belange en behoeftes van die land as geheel.

2.3 Om waar nodig die gekoördineerde mening van die landboubedryf en die landelike gemeenskappe in die Provinsie Wes-Kaap aan die betrokke owerhede op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak of aan Agri SA voor te lê en met hulle saam te werk om die welsyn van die landboubedryf en dié van die landelike gemeenskappe te bevorder, deur bestaande probleme op te los en die nodige wetgewing daar te stel.

2.4 Om landboukoöperasie en landboubesigheid in die algemeen te bevorder.

2.5 Om landbouprodusente in die streek op hoogte te hou van alle sake rakende hul besondere vertakking van die bedryf, hul algemene belange en die landbou binne die algemene raamwerk van die volkshuishouding.

2.6 Om te ywer vir die stelselmatige ontwikkeling van die landboubedryf insluitende die bewaring en volhoubare benutting van die natuurlike landbouhulpbronne.

2.7 Om deur gesamentlike optrede die daarstelling van die nodige fasiliteite en dienste vir die landbou- en landelike gemeenskap te verseker en vir hierdie doel die landbou- en landelike gemeenskappe in die streek te organiseer.

2.8.1 Om voortdurend daarna te strewe om die beste verstandhouding tussen landbouprodusente en verbruikers teweeg te bring en om dié doelstelling te propageer.

2.9 Om te ywer vir die ontwikkeling van 'n gesonde landbou-ekonomie in Suid-Afrika.

2.10 Om, met die oog op die verwesenliking van bogenoemde doelstellings -

2.10.1 sover moontlik sake in die toepaslike amptelike tale van die Provinsie Wes-Kaap te verrig; en

2.10.2 alle sake slegs volgens meriete te behandel.

2.11 Om alle sodanige dinge te doen wat na die oordeel van die jaarkongres of die Raad van Direkteure betrekking het op, of bevorderlik is vir die verwesenliking van die bogemelde doelstellings of in direkte of indirekte belang van die landboubedryf mag wees.

2.12 Om, ooreenkomstig die volgende prosedure deur die betrokke gesagsliggame van die Agri Wes-Kaap, op 'n gepaste wyse eer te betoon aan persone wat besondere diens aan die organisasie en/of die landbou gelewer het, met dien verstande dat, tensy

anders vermeld, dit geen regte vir die betrokke persoon ingevolge die grondwet meebring nie -

2.12.1 die jaarkongres kan, op aanbeveling van die Raad van Direkteure, aan 'n uittredende of uitgetrede President 'n ere-presidentskap toeken, welke ere-president geregtig sal wees om jaarkongresse op eie koste by te woon, sonder die regte van 'n afgevaardigde; en

2.12.2 die jaarkongres kan, op aanbeveling van die Raad van Direkteure, aan enige persoon of instansie 'n eretoekenning in die vorm van 'n oorkonde gee vir uitstaande dienste aan die organisasie of die landbou gelewer; met dien verstande dat die Raad van Direkteure gemagtig word om die aantal toekennings wat jaarliks gegee word, te beperk.

2.13 Die doelstellings van Agri Wes-Kaap sluit nie winsbejag in nie. Die fondse waaroor Agri Wes-Kaap beskik, sal slegs vir die bevordering van sy doelstellings of belegging aangewend word en geen fondse, profeite of winste mag onder lede of ander persone verdeel word nie.

2.14 Die organisasie mag geen handelsbedrywighede of ander bedrywighede met winsoogmerk beoefen, of deelneem aan enige besigheids-, professionele of beroepsbedrywighede van enige van

sy samestellende lede en/of hulle geaffilieerde lede, of hulle voorsien van geldelike hulp, perseel, aanhoudende dienste of fasiliteite wat deur hulle benodig is vir die beoefening van ‘n besigheid, professie of beroep nie.

2.15 Fondse beskikbaar vir belegging mag slegs belê word by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984 en in aandele wat op ‘n gelisensieerde effektebeurs soos in die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No 1 van 1985) omskryf, genoteer is.

3. LIDMAATSKAP

3.1 Samestellende lede

Die volgende landbou-organisasies, wat in die Provinsie: Wes-Kaap funksioneer, is die samestellende lede van Agri Wes-Kaap:

3.1.1 Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer;

3.1.2 Agri Wes-Kaap Besigheidskamer; en

3.1.3 Agri Wes-Kaap Bedryfskamer.

3.2 Outonomie van samestellende lede

Elke samestellende lid het volle outonomie op sy eie gebied met dien verstande dat:

3.2.1 alle sake wat ook ander belange of samestellende lede raak of van breër toepassing is na bespreking na Agri Wes-Kaap verwys word vir koördinering en verdere optrede; en

3.2.2 as 'n samestellende lid, na nakoming van die prosedure in sub-artikel 3.2.1, dit onmoontlik vind om met die meerderheid saam te stem, sodanige lid die reg het om sy sienswyse aan enige instansie voor te lê.

3.3 Vereistes vir lidmaatskap

3.3.1 Elke samestellende lid moet jaarliks aan Agri Wes-Kaap 'n verklaring ten opsigte van sy samestelling en lidmaatskap van sy geaffilieerde lede voorlê.

3.4 Lidmaatskapgelde

3.4.1 Lidmaatskapgelde soos deur die Raad van Direkteure bepaal, sal jaarliks deur die samestellende lede aan Agri Wes-Kaap betaal word.

3.5 Beëindiging van lidmaatskap

3.5.1 Enige samestellende lid wat mag besluit om sy lidmaatskap met Agri Wes-Kaap te beëindig, moet sy bedanking skriftelik binne drie maande na die aanvang van Agri Wes-Kaap se boekjaar indien, by gebreke waarvan hy vir daardie jaar as 'n samestellende lid beskou sal word.

3.5.2 Die Raad van Direkteure kan die lidmaatskap van enige samestellende lid wat voortdurend in gebreke bly om sy geldelike verpligtings of die voorwaardes van lidmaatskap na te kom, beëindig met dien verstande dat -

3.5.2.1 die Raad van Direkteure op 'n gewone vergadering moet besluit om die aangeleentheid op die sakelys vir die volgende vergadering te plaas;

3.5.2.2 skriftelik kennis van sodanige besluit aan die betrokke lid gegee word; en

3.5.2.3 twee-derdes van die aanwesige lede van die Raad van Direkteure by die tweede vergadering per geslote stembriefie vir die beëindiging van lidmaatskap stem.

3.5.3 'n Lid wat bedank of wie se lidmaatskap beëindig word -

3.5.3.1 verbeur vanaf datum van beëindiging van lidmaatskap alle regte en voorregte in verband met lidmaatskap van Agri Wes-Kaap asook alle belang in die geldsake of eiendom of seggenskap in die sake van Agri Wes-Kaap; en

3.5.3.2 is aanspreeklik vir die betaling van alle verskuldigde gelde tot aan die einde van die betrokke boekjaar.

3.6 **Ander affiliasies**

Ander affiliasies binne die georganiseerde landbou kan slegs affilieer met dien verstande dat:

3.6.1 daar nie reeds 'n samestellende lid is wat die betrokke belange groep binne Agri Wes-Kaap verteenwoordig nie; en

3.6.2 die toepaslike ooreengekome affiliasiegelde soos deur die Raad van Direkteure bepaal en deur die kongres bekragtig, ten volle betaal is.

4. BESTUUR EN GESAG

4.1 Jaarkongres

Binne die struktuur van die georganiseerde landbou in die gebied van die Provinsie: Wes-Kaap berus die hoogste gesag by die jaarkongres van Agri Wes-Kaap.

4.1.1 Samestelling

4.1.1.1 Die Raad van Direkteure;

4.1.1.2 Die Voorsitter, Vise-Voorsitter en Bestuur van Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer;

4.1.1.3 Verteenwoordigers van landbouverenigings en distriks-landbouverenigings soos volg bereken:-

Landbouverenigings:

Minder as 50 lede	-	1 afgevaardigde
50 - 99 lede	-	2 afgevaardigdes
100 - 149 lede	-	3 afgevaardigdes
150 en meer lede	-	4 afgevaardigdes

Distrikslandbouverenigings:

50 - 99 lede	-	2 afgevaardigdes

100 - 199 lede	-	3 afgevaardigdes
200 - 299 lede	-	4 afgevaardigdes
300 - 399 lede	-	5 afgevaardigdes
400 en meer lede	-	6 afgevaardigdes

met dien verstande dat 'n distrikslandbouvereniging se aantal afgevaardigdes onder spesiale omstandighede, met goedkeuring van die Bestuur en met inagneming van die bepalings van sub-artikel 5.2.1.2, gelyk mag wees aan sy getal samestellende landbouverenigings;

4.1.1.4 Verteenwoordigers van die Provinsiale Plaaswerkervereniging, die Vroue Landbouvereniging van Kaapland (VLVK) en die Kaap die Goeie Hoop Landbougenootskap, word soos volg bereken:

15 - 200 lede	-	1 afgevaardigde
meer as 200 lede	-	2 afgevaardigdes

4.1.1.5 Die Voorsitter van elke funksionele komitee van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer of 'n ander lid deur die betrokke komitee benoem;

4.1.1.6 Een afgevaardigde per instansie onder 5.2.1.5 en 5.2.1.6 bedoel;

4.1.1.7 Die Bestuur van Agri Wes-Kaap Besigheidskamer; en

4.1.1.7.1 Een afgevaardigde van elke geaffilieerde lid van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer;

4.1.1.7.2 Lede van die Bestuur van Agri Wes-Kaap Besigheidskamer indien hulle nie reeds afgevaardigdes in terme van sub-artikel 4.1.1.7.1 is nie; en

4.1.1.7.3 Die Voorsitters van alle funksionele komitees van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer indien hulle nie reeds afgevaardigdes in terme van artikels 4.1.1.7.1 of 4.1.1.7.2 is nie.

4.1.1.8 Die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer en een verteenwoordiger van elke bedryfsorganisasie wat ingevolge artikel 7.2 vir lidmaatskap van die Bedryfskamer kwalifiseer, met dien verstande dat ten opsigte van Bestuurslede

van die organisasies genoem onder artikels 4.1.1.2, 4.1.1.**7** en 4.1.1.**8,** wat reeds in die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap dien, die betrokke organisasie(s) ander afgevaardigdes in hulle plek vir die jaarkongres kan aanwys; en

4.1.2 Kworum

'n Kworum vir die jaarkongres bestaan uit meer as twee-vyfdes van die getal afgevaardigdes wat benoem is om die kongres by te woon, met dien verstande dat vir hierdie doel die getal lede bereken word volgens die aantal stemme wat hulle ooreenkomstig artikel 4.1.3.4.2 besit.

4.1.3 Reëls vir jaarkongres.

4.1.3.1 Algemeen

4.1.3.1.1 ‘n Jaarkongres moet jaarliks binne ses maande na die verstryking van die organisasie se boekjaar gehou word.

4.1.3.1.2 Die datum, tyd en plek van die jaarkongres word deur die Raad van Direkteure bepaal.

4.1.3.1.3 Die datum van die jaarkongres moet ten minste drie maande vooruit deur die Raad van Direkteure bepaal word.

4.1.3.1.4 Die Besturende Direkteur van Agri Wes-Kaap moet elke lid van die Raad van Direkteure, die Besture en alle geaffilieerde lede, komitees en interne bedryfsorganisasies van elke samestellende lid waarna in artikels 4.1.1.2, 4.1.1.7 en 4.1.1.8 verwys word van die datum, tyd en plek verwittig ten minste 60 dae voor die datum waarop die jaarvergadering gehou sal word.

4.1.3.1.5 Elke samestellende lid se geaffilieerde lede en interne bedryfsorganisasies, moet voor sodanige datum as wat versoek is, 'n lys met name en adresse van sy afgevaardigdes aan die Besturende Direkteur voorlê en daarmee saam ook enige verskuldigde lidmaatskapgelde aan Agri Wes-Kaap oorbetaal.

4.1.3.2 Spesiale kongres

Die Voorsitter kan te enige tyd en moet, wanneer die meerderheid van 'n wettig gekonstitueerde Raadsvergadering so besluit, 'n spesiale kongres byeenroep, met dien verstande dat 'n behoorlike kennisgewing tesame met besonderhede van die doel van die kongres in elke geval minstens dertig dae voor die datum waarop die kongres gehou sal word, aan elke lid van die Raad van Direkteure, die Besture en alle geaffilieerde lede, komitees en interne bedryfsorganisasies van elke samestellende lid van Agri Wes-Kaap gepos word.

4.1.3.3 Beskrywingspunte en sake vir bespreking

4.1.3.3.1 Geaffilieerde lede, komitees en interne bedryfsorganisasies van samestellende lede is daarop geregtig om een beskrywingspunt en sake vir oorweging, afhandeling en/of vir opname in die sakelys vir die jaarkongres aan die Raad van Direkteure voor te lê, met dien verstande dat die Raad van Direkteure finaal besluit oor die samestelling van

die sakelys vir die jaarvergadering en vir diè doel -

4.1.3.3.1.1 alle beskrywingspunte na 'n Agendakomitee deur die Raad van Direkteure aangestel, verwys word;

4.1.3.3.1.2 hierdie komitee die beskrywingspunte koördineer en onderworpe aan die finale beslissing van die Raad van Direkteure besluit oor die agenda vir die kongres;

4.1.3.3.1.3 waar 'n beskrywingspunt in 'n saamgestelde voorstel opgeneem is, die betrokke affiliasie die reg behou om sy oorspronklike voorstel afsonderlik te stel, indien hy dit verkies; en

4.1.3.3.1.4 volledige inligting oor 'n beskrywingspunt wat nie in

die kongresagenda opgeneem is nie, aan die betrokke geaffilieerde lid verstrek word.

4.1.3.3.2 Behalwe die aantal beskrywingspunte onder 4.3.1.3.3.1 bepaal, is geaffilieerde lede daarop geregtig om enige aantal beskrywingspunte na die Raad van Direkteure te verwys vir oorweging, afhandeling of voorlegging aan die kongres.

4.1.3.3.3 Sake waarna onder sub-artikel 4.1.3.3.1 verwys word moet die Besturende Direkteur van Agri Wes-Kaap minstens dertig (30) dae voor die datum van die jaarkongres bereik of op 'n datum soos in die "Kennisgewing van die jaarkongres" aangedui. Geen ander sake van samestellende lede sal vir die sakelys van die jaarkongres in aanmerking geneem word, sonder dat die toestemming van die jaarkongres daartoe eers gevra en verkry is nie en met dien verstande dat die President van

Agri Wes-Kaap sal besluit op welke tydstip van die jaarkongres enige sodanige bykomende punte bespreek mag word.

4.1.3.3.4 Die jaarkongres moet met alle sake handel wat na hom verwys is, insluitend die oorweging van die finansiële state en die aanstelling van ‘n ouditeur.

4.1.3.4 Stemming

Stemming by alle jaarkongresse en spesiale kongresse van Agri Wes-Kaap geskied by wyse van die opsteek van hande, met dien verstande dat: -

4.1.3.4.1 die President kan beslis dat oor ‘n besondere saak by wyse van geslote stembriefies gestem word en so moet beslis, indien minstens tien van die gevolmagtigdes teenwoordig dit verlang; en

4.1.3.4.2 afgevaardigdes, wat meer as een van die besture, organisasies, verenigings of

komitees waarna in artikels 4.1.1.2, 4.1.1.3, 4.1.1.4, 4.1.1.5, 4.1.1.6, 4.1.1.7 en 4.1.1.8 verwys word verteenwoordig, op ‘n ooreenstemmende aantal stemme geregtig is in alle gevalle waar by wyse van geslote stembriefies gestem word.

4.1.3.5 President

Die President, of in sy afwesigheid die Vise-President, tree as voorsitter van die jaarkongres of spesiale kongres op. Die President het beide 'n gewone en beslissende stem, behalwe in gevalle waar oor persone beslis moet word, in welke geval die aanwysing van 'n persoon by staking van stemme deur loting bepaal sal word. Die President besluit ook oor die volgorde waarin sake tydens die jaarkongres of spesiale kongres behandel word.

4.1.3.6 Tydsbeperking

'n Tydsbeperking vir sprekers word deur die Agendakomitee van die Bestuur bepaal, met dien verstande dat die kongres kan besluit om 'n langer spreekbeurt aan 'n spreker toe te staan.

4.1.4 Streekkongresse

Streekkongresse moet jaarliks binne die gebied van die Provinsie Wes-Kaap ingevolge reëlings soos deur die Raad van Direkteure goedgekeur, gehou word, met dien verstande dat waar van toepassing die bepalings ten opsigte van die kongres soos vervat in artikels 4.1, 4.1.2 en 4.1.3 4.1 ook vir die streekkongresse sal geld, tensy die Raad van Direkteure vir 'n bepaalde reeks streekkongresse alternatiewe reëlings in dié verband tref, en verder met dien verstande dat die Raad van Direkteure onder buitengewone omstandighede goedkeuring kan verleen dat ‘n streekkongres / streekkongresse nie in ‘n bepaalde jaar gehou word nie.

4.2 Raad van Direkteure

Die sake van die organisasie word bestuur deur die Raad van Direkteure wat in dié opsig oor die bevoegdhede beskik ten opsigte van beleidsbepaling en toesighouding asook oor finansiële en rekeningkundige verantwoordelikhede.

Geen persoon wat ‘n lid is of wat hom of haar ten tye van die samestelling van die Raad van Direkteure as ‘n kandidaat vir verkiesing tot ‘n lid van die Provinsiale Wetgewer of die Parlement beskikbaar stel, mag in die Raad van Direkteure dien nie.

4.2.1 Samestelling

Die Raad van Direkteure bestaan uit -

4.2.1.1 Die President en Vise-President van Agri Wes-Kaap;

4.2.1.2 Drie lede benoem deur Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer;

4.2.1.3 Drie lede benoem deur die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer;

4.2.1.4 Drie lede benoem deur die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer, wat elk een van die volgende drie groeperinge van bedryfsorganisasies, wat by die kamer geaffilieer is, verteenwoordig, naamlik tuinbou, akkerbou en veeteelt;

4.2.1.5 ‘n Maksimum van drie lede deur die Raad van Direkteure met volle stemreg gekoöpteer; op grond van kundigheid op ‘n bepaalde terrein; en

4.2.1.6 Die Besturende Direkteur van Agri Wes-Kaap.

4.2.2 Alternatiewe Direkteure

Die samestellende organisasies sal ook alternatiewe direkteure aanwys vir die direkteure benoem ingevolge sub-artikels 4.2.1.2, 4.2.1.3 en 4.2.1.4.

4.2.3 Kworum

'n Kworum vir 'n vergadering van die Raad van Direkteure bestaan uit een meer as die helfte van die getal Raadslede, soos verteenwoordig deur die direkteure en alternatiewe direkteure.

4.2.4 Vergaderings

Die Raad van Direkteure moet ten minste twee vergaderings per jaar hou, met dien verstande dat die Voorsitter of die Raad mag besluit om meer dikwels te vergader en die Voorsitter 'n vergadering moet belê op versoek van ten minste twee derdes van die Raadslede.

4.2.5 Magte en pligte

Onderhewig aan die beheer en algemene beleid van die organisasie, beskik die Raad van Direkteure oor al die magte en moet hy al die pligte uitvoer soos omskrywe in

artikel 1 van hierdie Grondwet en kan hy na goeddunke magte delegeer om alles te doen wat nodig mag wees om die doelstellings in artikel 2 te verwesenlik en vir hierdie doel -

4.2.5.1 met alle sake handel wat deur die samestellende lede na hom verwys word en opdragte van hulle uitvoer;

4.2.5.2 ‘n Besturende Direkteur aanstel en magte aan hom delegeer;

4.2.5.3 ‘n Dagbestuur asook sodanige funksionele komitees as wat nodig geag word vir spesifieke doeleindes aanstel, magte aan hulle delegeer en huishoudelike reëls vir hulle opstel;

4.2.5.4 die verteenwoordigers van Agri Wes-Kaap in die Algemene Raad en die Algemene Sakekamer van Agri SA en ook die afgevaardigdes na die Agri SA kongres aanwys;

4.2.5.5 voorsiening maak vir die aanstel van trustees waar Agri Wes-Kaap ‘n trustfonds wil bedryf en prosedures bepaal vir beskikking oor so 'n trustfonds;

4.2.5.6 'n kode goedkeur vir die betaling van reis- en verblyfkoste aan lede van die Raad van Direkteure en verteenwoordigers in funksionele komitees, afvaardigings, amptenare, ensovoorts;

4.2.5.7 ingevolge sub-artikel 1.8 aan die Voorsitter en die Vise-Voorsitter sodanige jaarlikse toelae betaal soos nodig geag;

4.2.5.8 van tyd tot tyd bepaal waar die hoofkantoor van Agri Wes-Kaap moet wees;

4.2.5.9 op elke jaarkongres 'n verslag van sy werksaamhede, tesame met behoorlike geouditeerde finansiële state vir die voorafgaande boekjaar of boekjare sowel as 'n begroting(s) vir die volgende finansiële jaar of jare sal voorlê;

4.2.5.10 ouditeure aanstel en hul vergoeding betaal;

4.2.5.11 'n organisasie vir die doeltreffende uitvoering van sy funksie in stand hou en vir hierdie doel:

4.2.5.11.1 geskikte kantoorruimte bekom of huur en die nodige kantoortoerusting aanskaf;

4.2.5.11.2 sodanige personeel aanstel as wat nodig geag word teen salarisse waaroor besluit word en onderhewig aan sulke voorwaardes as wat wenslik beskou word;

4.2.5.11.3 voorsiening maak vir waarborgversekering vir sy senior amptenare;

4.2.5.11.4 voorsiening maak vir ongeluk- en ander versekering vir senior amptenare en lede van die Raad van Direkteure by die uitvoering van hul pligte;

4.2.5.11.5 voorsiening maak vir mediese en aftreevoordele vir sy personeel en 'n gedeelte van die premies uit Agri Wes-Kaap se fondse betaal; en

4.2.5.11.6 sodanige ander stappe doen as wat nodig mag wees vir die daarstelling

van 'n doeltreffende landbou-organisasie binne die gebied van die Provinsie Wes-Kaap.

4.3 Dagbestuur

4.3.1 Samestelling

Die Dagbestuur sal bestaan uit -

4.3.1.1 die President, Vise-President en twee addisionele lede deur die Raad van Direkteure aangewys met dien verstande dat al die samestellende lede van Agri Wes-Kaap in die Dagbestuur verteenwoordiging sal hê; en

4.3.1.2 persone deur die Raad van Direkteure of deur die President van Agri Wes-Kaap vir spesifieke vergaderings sonder stemreg gekoöpteer.

4.3.2 Vergaderings

Die President van Agri Wes-Kaap kan te enige tyd 'n vergadering van die Dagbestuur belê.

4.3.3 Kworum

'n Kworum vir die Dagbestuur bestaan uit een meer as die helfte van die stemgeregtigdes.

4.3.4 Magte en pligte

Die Dagbestuur is verantwoordelik aan die Raad van Direkteure en moet sulke magte en pligte uitoefen soos van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure aan hom gedelegeer of toevertrou.

4.3.5 Plaasvervangers

In die afwesigheid van ‘n direkteur, woon die betrokke alternatiewe direkteur die vergadering van die Dagbestuur by.

4.4 President en Vise-President

4.4.1 Die afgevaardigdes na die jaarkongres van Agri Wes-Kaap soos saamgestel ingevolge artikels 4.1.1.1 tot 4.1.1.8 kies, by volstrekte meerderheid van die aantal stemme uitgebring deur stemgeregtigdes aanwesig by die President en Vise-President uit die afgevaardigdes na die kongres. Hulle doen diens tot na afloop van die eerste jaarkongres

wat volg op die kongres waarop hulle gekies is, met dien verstande dat by sodanige verkiesings die stemgeregtigde lede by wyse van geslote nominasie- en stembriefies moet nomineer en stem en dat die volgende reëls sal geld:

4.4.1.1 Al die genomineerdes word op 'n kandidaatlys geplaas.

4.4.1.2 Indien daar meer as een persoon genomineer is, word daar gestem en indien 'n kandidaat 'n volstrekte meerderheid kry, word hy as verkose verklaar.

4.4.1.3 Indien geen persoon 'n volstrekte meerderheid kry nie, word die 3 (drie) persone met die hoogste aantal stemme op die kandidaatlys geplaas vir 'n verdere stemming; met dien verstande voorts dat -

4.4.1.3.1 indien die verskil in die aantal stemme tussen die persoon wat tweede gekom het en die persoon wat derde gekom het, groter is as die totale aantal stemme uitgebring op die derde daar slegs 2(twee) kandidate op die kandidaatlys geplaas word; en

4.4.1.3.2 indien by die tweede stemming geen kandidaat 'n volstrekte meerderheid kry om verkies verklaar te word nie, word die een met die minste stemme (gelykoptellings word met die lot beslis) weggelaat.

4.4.2 In die geval waar die pos van President vakant word, moet die Vise-President die pos vul tot by die volgende jaarkongres.

4.4.3 In die geval waar die pos van Vise-President vakant raak, moet die Raad van Direkteure by sy eerste vergadering uit sy geledere 'n Vise-President verkies vir die onverstreke termyn.

4.4.4 By afwesigheid van die President word die Vise-President met al die magte van die President beklee en tree hy as voorsitter op by vergaderings. As albei afwesig is, kies die vergadering sy eie voorsitter vir daardie vergadering.

4.4.5 Die President en Vise-President is ampshalwe lede van elke funksionele komitee van Agri Wes-Kaap, maar die besluit berus by hulle of hulle sulke vergaderings wil bywoon, al dan nie.

4.4.6 Die prosedure op vergaderings en besprekings geskied na goeddunke van die persoon wat as voorsitter optree**.** Sy beslissing is finaal, behalwe dat dit ter syde gestel kan word deur 'n meerderheidsbesluit van die vergadering.

4.4.7 In alle sake van dringende aard tree die President (en in sy afwesigheid die Vise-President, waar moontlik en na gelang van omstandighede na raadpleging met die Vise-President en/of die Voorsitter van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer en/of die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer en/of die Voorsitter van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer in belang van Agri Wes-Kaap op met dien verstande dat hy na gelang van omstandighede -

4.4.7.1 verslag moet doen aan die eersvolgende vergadering van die Dagbestuur en/of die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer en/of die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer en/of die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer; en

4.4.7.2 die reg het om volgens sy diskresie per brief, telefoon, faks of op enige ander wyse die menings in te win van enige samestellende lid, of funksionele komitee van Agri Wes-Kaap.

4.4.8 Die President mag na goeddunke verteenwoordigers van ander organisasies of enige persoon, of persone, uitnooi of toelaat om die jaarkongres en vergaderings van die Raad van Direkteure, die Dagbestuur of enige funksionele komitee by te woon en deel te neem aan die besprekings. Sulke persone kan egter onder geen omstandighede stem nie.

4.4.9 Die President het die reg om enige persoon in 'n ad hoc komitee vir 'n spesifieke doel te koöpteer.

4.4.10 Die President, en Vise-President is onderskeidelik die verteenwoordiger en die plaasvervanger van die verteenwoordiger van Agri Wes-Kaap in die Algemene Raad van die Agri SA.

4.4.11 In die geval waar die President, of die Vise-President verkies word as President of Vise-President van die Agri SA, of as Voorsitter van die Agri SA se Besigheidskamer (en gevolglik reeds in een van daardie hoedanighede in die Algemene Raad dien) moet die Raad van Direkteure 'n ander verteenwoordiger benoem om in die Algemene Raad te dien.

4.5 Ere-President

'n Ere-President -

4.5.1 word deur die kongres gekies op aanbeveling van die Raad van Direkteure, ~~of~~ met dien verstande dat aanbevelings deur die Bestuur van Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer, die Besigheidskongres of die Bestuur van die Bedryfskamer in die verband aan dieRaad gemaak kan word;

4.5.2 is ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie Grondwet, daarop geregtig om die jaarkongres van Agri Wes-Kaap en vergaderings van die Besture van Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer, die Bedryfskamer en die Besigheidskamer of –kongres, op eie koste by te woon;

4.5.3 is daarop geregtig om aan die besprekings op vergaderings onder artikel 4.5.2 genoem, deel te neem, maar is nie daarop geregtig om te stem of voorstelle in te dien of te sekondeer nie en word vir doeleindes van 'n kworum nie beskou as lid van enige kongres of Bestuur nie; en

4.5.4 is daarop geregtig om alle amptelike dokumente van die Agri Wes-Kaap te ontvang.

BEDIENINGSTRUKTUUR VIR ALGEMENE LANDBOU-SAKE

5. DIE AGRI WES-KAAP ALGEMENE SAKEKAMER

5.1 Doel

Die doel van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer is om ingevolge die doelstellings en alle ter saaklike bepalings van die Grondwet van Agri Wes-Kaap en met inagneming van die voorsiening in die Grondwet ten opsigte van bedieningstrukture vir landboubesighede (Artikel 6), en landboubedrywe (Artikel 7) 'n verteenwoordigende organisasie van leiers van algemene landboubedryfsorganisasies in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap daar te stel.

5.2 Lidmaatskap

5.2.1 Geaffilieerde lede

Enigeen van die volgende landbou-organisasies, wat in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap funksioneer en wat ooreenkomstig artikel 5.2.2 skriftelik om lidmaatskap aansoek doen en waarvan sodanige aansoek deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer

goedgekeur word, kan geaffilieerde lede van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer word -

5.2.1.1 'n landbouvereniging namens wie 'n distrikslandbouvereniging nie by Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer affilieer nie en wat na die oordeel van die Bestuur verteenwoordigend is van die landbouers- en landelike gemeenskap in sy bedieningsgebied en wat namens sy lede die vereiste affiliasiegelde aan Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer betaal;

5.2.1.2 'n distrikslandbouvereniging saamgestel uit landbouverenigings, wat nie direk by die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer geaffilieer is nie en waarvan die totale ledetal namens wie die vereiste affiliasiegelde aan die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer betaal word minstens vyftig is en onderhewig daaraan dat so 'n distrikslandbouvereniging namens al sy samestellende landbouverenigings by Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer affilieer, met dien verstande dat onderhewig aan bepaling 5.2.1.1 'n samestellende landbouvereniging van 'n distrikslandbouvereniging wat by Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer affilieer, onder spesiale

omstandighede en met die goedkeuring van die ander samestellende landbouverenigings wel by Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer aansoek kan doen om direkte affiliasie;

5.2.1.3 die Provinsiale Plaaswerkersvereniging;

5.2.1.4 die Kaap die Goeie Hoop Landbougenootskap;

5.2.1.5 junior landbouverenigings aan onderwys- en opleidingsinrigtings in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap; en

5.2.1.6 ander landbouverwante organisasies (byvoorbeeld die VLVK) soos deur die Bestuur goedgekeur.

5.2.2 <u>Aansoek om lidmaatskap</u>

5.2.2.1 Enige liggaam genoem onder 5.2.1 wat met die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer wil affilieer, moet formeel skriftelik by die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer daarom aansoek doen en die volgende voorlê -

i) 'n verklaring van ledetal;

ii) 'n afskrif van sy grondwet; en

iii) 'n verklaring dat die betrokke organisasie die Grondwet van Agri Wes-Kaap onderskryf.

5.2.2.2 Alvorens hy enige organisasie as lid aanvaar, kan die Bestuur enige ander inligting wat ter sake is van die betrokke organisasie aanvra en kan hy lidmaatskap sonder opgaaf van redes weier.

5.2.2.3 Waar 'n distrikslandbouvereniging of 'n landbouvereniging , wat vir 'n gebied gestig is wat voorheen deur 'n ander geaffilieerde distrikslandbouvereniging of landbouvereniging bedien is, om lidmaatskap aansoek doen, moet die Bestuur eers die reeds bestaande geaffilieerde distrikslandbouvereniging of landbouvereniging raadpleeg, alvorens lidmaatskap goedgekeur word.

5.2.2.4 Waar enige geaffilieerde lid, nadat sy aansoek om lidmaatskap goedgekeur is, die naam van die organisasie, sy doelstellings of vereistes ten opsigte van lidmaatskap wil verander, moet die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer skriftelik van die voorgestelde wysigings in kennis gestel en

later ook van sodanige finale wysigings verwittig word.

5.2.3 Outonomie van geaffilieerde lede

Elke geaffilieerde lid het volle outonomie op sy eie gebied met dien verstande dat -

5.2.3.1 alle sake wat ook ander belange of geaffilieerde lede raak of van breër toepassing is na bespreking na Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer verwys word vir koördinering en verdere optrede; en

5.2.3.2 as 'n geaffilieerde lid, na nakoming van die prosedure in sub-artikel 5.2.3.1 dit onmoontlik vind om met die meerderheid saam te stem, sodanige lid die reg het om sy sienswyse aan enige instansie voor te lê.

5.2.4 Vereistes vir lidmaatskap

5.2.4.1 Elke geaffilieerde lid moet jaarliks aan die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer 'n verklaring ten opsigte van lidmaatskap voorlê; en

5.2.4.2 Die Bestuur mag ook spesiale kategorieë van lidmaatskap, affiliasiegelde betaalbaar en voordele van sodanige geaffilieerde lede bepaal en soos nodig hersien.

5.2.5 Lidmaatskapgelde

5.2.5.1 Landbouverenigings en distrikslandbou-verenigings

Landbouverenigings en distrikslandbouverenigings kan slegs affilieer, indien die toepaslike affiliasiegelde soos deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer bepaal en deur die kongres bekragtig, ten volle betaal is.

5.2.5.2 Die Kaap die Goeie Hoop Landbougenootskap**,** Vroue Landbouvereniging van Kaapland (VLVK**)** en landbouverwante organisasies onder 5.2.1.6 bedoel

Die basis waarvolgens die affiliasiegelde van bovermelde organisasies bereken word, sal deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer bepaal en deur die kongres bekragtig word.

5.2.5.3 Junior landbouverenigings

Junior landbouverenigings betaal geen affiliasiegelde nie.

5.2.6 <u>Beëindiging van lidmaatskap</u>

5.2.6.1 Enige geaffilieerde lid wat mag besluit om sy lidmaatskap met die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer te beëindig, moet sy bedanking skriftelik binne drie maande na die aanvang van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer se boekjaar indien, by gebreke waarvan hy vir daardie jaar as 'n geaffilieerde lid beskou sal word.

5.2.6.2 Die Bestuur kan die lidmaatskap van enige lid wat voortdurend in gebreke bly om sy geldelike verpligtings of die voorwaardes van lidmaatskap na te kom, beëindig met dien verstande dat -

5.2.6.2.1 die Bestuur op 'n gewone vergadering moet besluit om die aangeleentheid op die sakelys vir die volgende vergadering te plaas;

5.2.6.2.2 skriftelik kennis van sodanige besluit aan die betrokke lid gegee word; en

5.2.6.2.3 twee-derdes van die aanwesige lede by die tweede vergadering per geslote stembriefie vir die beëindiging van lidmaatskap stem.

5.2.6.3 'n Lid wat bedank of wie se lidmaatskap beëindig word -

5.2.6.3.1 verbeur vanaf datum van beëindiging van lidmaatskap alle regte en voorregte in verband met lidmaatskap van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer, asook alle belang in die geldsake of eiendom of seggenskap in die sake van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer; en

5.2.6.3.2 is aanspreeklik vir die betaling van alle verskuldigde gelde tot aan die einde van die betrokke boekjaar.

5.3 **Bestuur en Gesag**

5.3.1 Die Bestuur

Binne die struktuur van die algemene landbou-organisasie in die Provinsie Wes-Kaap berus die hoogste gesag by die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer.

Geen persoon wat ‘n lid is of hom of haar ten tye van die verkiesing van die Bestuur as ‘n kandidaat vir verkiesing as lid van ‘n Provinsiale Wetgewer of die Parlement beskikbaar stel, mag in die Bestuur dien nie.

5.3.1.1 Samestelling

Die Bestuur bestaan uit -

5.3.1.1.1 die Voorsitter en Vise-Voorsitter;

5.3.1.1.2 15 (vyftien) lede met plaasvervangers wat elk vooraf deur die geaffilieerde lede in elke streek in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap - soos van tyd tot tyd deur die kongres van Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer omskryf en

goedgekeur - deur die betrokke streekkongres verkies is;

5.3.1.1.3 een lid benoem deur die Vroue Landbouvereniging van Kaapland (VLVK); en

5.3.1.1.4 een lid benoem deur die Provinsiale Plaaswerkersvereniging.

5.3.1.2 Kworum

'n Kworum vir 'n vergadering van die Bestuur bestaan uit een meer as die helfte van die getal verteenwoordigers in die Bestuur.

5.3.1.3 Vergaderings

Die Bestuur moet ten minste twee vergaderings per jaar hou, met dien verstande dat die Voorsitter of die Bestuur mag besluit om meer dikwels te vergader en die Voorsitter 'n vergadering moet belê op versoek van ten minste vyf geaffilieerde lede.

5.3.1.4 Magte en pligte

Onderhewig aan die beheer en algemene beleid van die Agri Wes-Kaap kongres, beskik die Bestuur oor al die magte en moet hy al die pligte uitvoer deur onder meer na goeddunke magte te delegeer om alles te doen wat nodig mag wees om die ter saaklike doelstellings in artikel 2 van die Grondwet te verwesenlik en vir hierdie doel: -

5.3.1.4.1 met alle sake handel wat deur die Agri Wes-Kaap Jaarkongres of Raad van Direkteure na hom verwys word;

5.3.1.4.2 handel met alle besluite deur die kongres aanvaar en ander sake soos deur geaffilieerde lede voorgelê;

5.3.1.4.3 sodanige funksionele komitees as wat nodig geag word vir spesifieke doeleindes aanstel, magte aan hulle delegeer en huishoudelike reëls vir hulle opstel;

5.3.1.4.4 as afgevaardigdes die jaarkongres van Agri Wes-Kaap bywoon en waar nodig ook plaasvervangers vir afgevaardigdes aanwys;

5.3.1.4.5 met inagneming van sub-artikel 5.3.5.10 drie direkteure benoem om in die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap te dien en ook drie alternatiewe Direkteure aanwys;

5.3.1.4.6 'n kode goedkeur vir die betaling van reis- en verblyfkoste aan lede van die Bestuur en verteenwoordigers in funksionele en ander komitees, afvaardigings, amptenare, ensovoorts;

5.3.1.4.7 aan die Voorsitter en die Vise-Voorsitter sodanige jaarlikse toelae betaal soos nodig geag;

5.3.1.4.8 op elke kongres van Agri Wes-Kaap 'n verslag van sy werksaamhede, tesame met ‘n inkomste- en uitgawerekening van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer vir die voorafgaande

boekjaar of boekjare as deel van die geouditeerde finansiële state van Agri Wes-Kaap, sowel as 'n begroting vir die volgende finansiële jaar vir doeleindes van die bepaling van die affiliasiegelde van landbouverenigings, sal voorlê met dien verstande dat die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer oor die aanwending of reservering van sy surplusse bo sy uitgawes sal beskik, maar ook aanspreeklikheid vir eie tekorte sal aanvaar;

5.3.1.4.9 'n organisasie vir die doeltreffende uitvoering van sy funksies in stand hou en vir hierdie doel -

5.3.1.4.9.1 geskikte kantoorruimte bekom of huur en die nodige kantoortoerusting aanskaf;

5.3.1.4.9.2 bestuurs-, administratiewe, organisatoriese en konsultasiedienste van Agri Wes-Kaap of enige ander instansie of persoon

aankoop en die finansiering daarvan in oorleg met die geaffilieerde lede sal doen; en

5.3.1.4.9.3 sodanige ander stappe doen as wat nodig mag wees vir die daarstelling van 'n doeltreffende algemene landbou-organisasie binne die gebied van die Provinsie Wes-Kaap.

5.3.2 <u>Dagbestuur</u>

5.3.2.1 Samestelling

Die Dagbestuur sal bestaan uit -

5.3.2.1.1 die Voorsitter en die Vise-Voorsitter;

5.3.2.1.2 twee addisionele lede deur die Bestuur aangewys; en

5.3.2.1.3 persone deur die Bestuur, die Dagbestuur of deur die Voorsitter van

Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer vir spesifieke vergaderings sonder stemreg gekoöpteer.

5.3.2.2 Plaasvervangers

Die Bestuur sal plaasvervangers vir lede of gekoöpteerde lede van die Dagbestuur aanwys.

5.3.2.3 Vergaderings

Die Voorsitter van Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer kan te enige tyd 'n vergadering van die Dagbestuur belê.

5.3.2.4 Kworum

'n Kworum vir die Dagbestuur bestaan uit een meer as die helfte van stemgeregtigdes.

5.3.2.5 Magte en pligte

Die Dagbestuur is verantwoordelik aan die Bestuur en moet sulke magte en pligte uitoefen soos van tyd tot tyd deur die Bestuur aan hom gedelegeer of toevertrou.

5.3.3 Voorsitter en Vise-Voorsitter

5.3.3.1 Na die verkiesing van die President en Vise-President van Agri Wes-Kaap kies die afgevaardigdes van die Algemene Sakekamer na die jaarkongres van Agri Wes-Kaap ingevolge artikels 4.1.1.2 tot 4.1.1.6 by volstrekte meerderheid van die aantal stemme uitgebring deur stemgeregtigdes aanwesig by die kongres, wat spesifiek tydens die kongres vir diè doel byeenkom 'n Voorsitter en Vise-Voorsitter vir die Algemene Sakekamer uit die betrokke afgevaardigdes na die kongres. Hulle doen diens tot na afloop van die kongres wat volg op die een waarop hulle gekies is, met dien verstande dat by sodanige verkiesings die stemgeregtigde lede teenwoordig by die kongres, by wyse van geslote nominasie- en stembriefies moet nomineer en stem en dat die volgende reëls sal geld.

5.3.3.1.1 Al die genomineerdes word op 'n kandidaatlys geplaas.

5.3.3.1.2 Indien daar meer as een persoon genomineer is, word daar gestem en

indien 'n kandidaat 'n volstrekte meerderheid kry, word hy as verkose verklaar.

5.3.3.1.3 Indien geen persoon 'n volstrekte meerderheid kry nie, word die 5(vyf) persone met die hoogste aantal stemme op die kandidaatlys geplaas vir 'n verdere stemming; met dien verstande voorts dat -

5.3.3.1.3.1 indien die verskil in die aantal stemme tussen die persoon wat tweede gekom het en die persoon wat derde gekom het, groter is as die totale aantal stemme uitgebring op die derde persoon en al die verdere kandidate laer, daar slegs 2(twee) kandidate op die kandidaatlys geplaas word, of slegs 3(drie) indien 'n soortgelyke toets slaag ten opsigte van die gaping

tussen die derde en vierde persone, of slegs 4(vier) indien 'n soortgelyke toets slaag ten opsigte van die gaping tussen die vierde en vyfde persoon; en

5.3.3.1.3.2 indien die maksimum van 5 (vyf) kandidate vir die tweede stemming beïnvloed word deur gelykoptellings, daar met die lot beslis word watter van die persone met gelykoptellings op die kandidaatlys geplaas moet word om die vyftal vol te maak vir die volgende stemming, onderhewig aan die toets in artikel 5.3.5.1.3 hierbo.

5.3.3.1.4 Indien by die tweede stemming geen kandidaat 'n volstrekte meerderheid kry om verkies verklaar te word nie, word die een met die minste stemme

(gelykoptellings word met die lot beslis) weggelaat, of word meer weggelaat indien die toets in artikel 5.3.5.1.3 slaag, wanneer toegepas op die gapings tussen die tweede en derde persone of tussen die derde en vierde persone en 'n verdere stemming word gehou.

5.3.3.1.5 Die datum en tyd van verkiesing van die Voorsitter en Vise-Voorsitter vind plaas soos in die kennisgewing van die kongres van Agri Wes-Kaap bepaal.

5.3.3.2 In die geval waar die pos van Voorsitter vakant word, moet die Vise-Voorsitter die pos vul tot aan die einde van die volgende kongres en die Bestuur mag intussen uit sy geledere 'n Vise-Voorsitter vir die onverstreke termyn verkies.

5.3.3.3 In die geval waar die pos van Vise-Voorsitter vakant raak, mag die Bestuur uit sy geledere 'n Vise-Voorsitter verkies vir die onverstreke termyn.

5.3.3.4 By afwesigheid van die Voorsitter word die Vise-Voorsitter met al die magte van die Voorsitter beklee en tree hy as voorsitter op by vergaderings.

As albei afwesig is, kies die vergadering sy eie voorsitter vir daardie vergadering.

5.3.3.5 Die Voorsitter en Vise-Voorsitter is ampshalwe lede van elke funksionele komitee van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer, maar die besluit berus by hulle of hulle sulke vergaderings wil bywoon, al dan nie.

5.3.3.6 Die prosedure op vergaderings en besprekings geskied na goeddunke van die Voorsitter. Sy beslissing is finaal, behalwe dat dit ter syde gestel kan word deur 'n meerderheidsbesluit van die vergadering.

5.3.3.7 In alle sake van dringende aard tree die Voorsitter (en in sy afwesigheid die Vise-Voorsitter), waar moontlik na raadpleging met die Vise-Voorsitter en/of beskikbare lede van die Dagbestuur, in belang van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer op met dien verstande dat -

5.3.3.7.1 hy verslag moet doen aan die eersvolgende vergadering van die Dagbestuur; en

5.3.3.7.2 hy die reg het om na gelang van omstandighede volgens sy diskresie per brief, telefoon, faks of enige ander wyse die menings in te win van enige geaffilieerde lid, of komitee van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer.

5.3.3.8 Die Voorsitter mag na goeddunke verteenwoordigers van ander organisasies of enige persoon, of persone, uitnooi of toelaat om vergaderings van die Bestuur of enige komitee by te woon en deel te neem aan die besprekings. Sulke persone kan egter onder geen omstandighede stem nie.

5.3.3.9 Die Voorsitter het die reg om enige persoon in 'n ad hoc komitee vir 'n spesifieke doel te koöpteer.

5.3.3.10 Die Voorsitter, en Vise-Voorsitter is verteenwoordigers van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer in die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap en een verdere verteenwoordiger sowel as alternatiewe direkteure vir die drie direkteure in die Raad word deur die Bestuur uit die geledere van beide die Dagbestuur en Bestuur aangewys.

5.3.4 Reis en Verblyfkoste

5.3.4.1 Die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer is verantwoordelik vir die betaling van reis- en verblyftoelae en word ingevolge die kode goedgekeur in terme van artikel 5.3.3.4.6 betaal aan -

5.3.4.1.1 die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer se Voorsitter en Vise-Voorsitter en lede van die Bestuur vir bywoning van Agri Wes-Kaap se Jaarkongres, indien hulle nie reeds afgevaardigdes van geaffilieerde lede van die Kamer is nie;

5.3.4.1.2 lede van die Bestuur, Dagbestuur, funksionele komitees en afvaardigings van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer waar hulle vergaderings van die Bestuur, komitees of samesprekings namens die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer bywoon; en

5.3.4.1.3 die Voorsitter en Vise-Voorsitter waar hulle ampshalwe teenwoordig moet wees.

5.3.4.2 Alle geaffilieerde lede is verantwoordelik vir die koste van hulle afgevaardigdes na die kongres van die Agri Wes-Kaap.

5.3.4.3 Die Bestuur moet besluit oor gevalle waarvoor daar nie in artikels 5.3.7.1.1 tot 5.3.7.1.3 voorsiening gemaak is nie, of waaroor dispute mag ontstaan.

5.3.5 Fondse en Boekjaar

5.3.5.1 Die fondse van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer bestaan uit affiliasiegelde en geld uit ander bronne ontvang.

5.3.5.2 Hierdie fondse moet in 'n bankrekening in die naam van Agri Wes-Kaap inbetaal word en kan alleen opgeëis word deur middel van tjeks onderteken deur persone deur die Agri Wes-Kaap daartoe gemagtig.

5.3.5.3 Die boekjaar van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer strek vanaf 1 Mei in die een jaar tot 30 April van die daaropvolgende jaar.

BEDIENINGSTRUKTUUR VIR LANDBOUBESIGHEDE

6. AGRI WES-KAAP BESIGHEIDSKAMER

6.1 Doel

Die doel van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer is om ingevolge die doelstellings en ander ter saaklike bepalings van die Grondwet van Agri Wes-Kaap en met inagneming van die voorsiening in die Grondwet ten opsigte van bedieningstrukture vir algemene sake (Artikel 5) en vir landboubedrywe (Artikel 7) 'n verteenwoordigende organisasie van landboubesighede in die Wes-Kaap daar te stel.

6.2 Lidmaatskap

6.2.1 Geaffilieerde lede

Koöperasies, maatskappye wat met die herstrukturering van koöperasies ontstaan het en groeperinge van sodanige koöperasies of produsente -verenigings en maatskappye

kan aansoek doen om geaffilieerde lede van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer te word.

6.2.2 Aansoek om lidmaatskap

6.2.2.1 Enige liggaam genoem onder 6.2 wat met die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer wil affilieer, moet formeel skriftelik by die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer daarom aansoek doen en die volgende voorlê -

i) 'n verklaring van ledetal; en

ii) 'n verklaring dat die betrokke organisasie die Grondwet van Agri Wes-Kaap onderskryf.

6.2.2.2 Alvorens hy enige organisasie as lid aanvaar, kan die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer enige ander inligting wat ter sake is van die betrokke organisasie aanvra en kan hy lidmaatskap sonder opgaaf van redes weier.

6.2.2.3 Waar 'n organisasie, wat vir 'n gebied gestig is wat voorheen deur 'n ander geaffilieerde organisasie(s) bedien is, om lidmaatskap aansoek doen, moet die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer eers die reeds

bestaande geaffilieerde organisasie(s) raadpleeg, alvorens lidmaatskap goedgekeur word.

6.2.2.4 Waar enige geaffilieerde lid, nadat sy aansoek om lidmaatskap goedgekeur is, die naam van die organisasie, sy doelstellings of vereistes ten opsigte van lidmaatskap wil verander, moet die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer skriftelik van die voorgestelde wysigings in kennis gestel word en later ook van sodanige finale wysigings verwittig word.

6.2.3 <u>Outonomie van geaffilieerde lede</u>

Elke geaffilieerde lid het volle outonomie op sy eie gebied met dien verstande dat -

6.2.3.1 alle sake wat ook ander belange of geaffilieerde lede raak of van breër toepassing is na bespreking na die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer verwys word vir koördinering en verdere optrede; en

6.2.3.2 as 'n geaffilieerde lid, na nakoming van die prosedure in sub-artikel 6.2.3.1, dit onmoontlik vind om met die meerderheid saam te stem, sodanige

lid die reg het om sy sienswyse onafhanklik aan enige instansie voor te lê.

6.2.4 Vereistes vir lidmaatskap

6.2.4.1 Elke geaffilieerde lid moet jaarliks aan die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer 'n verklaring ten opsigte van lidmaatskap voorlê.

6.2.4.2 Die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer mag ook spesiale kategorieë van lidmaatskap, affiliasiegelde betaalbaar en voordele van sodanige geaffilieerde lede bepaal en soos nodig hersien.

6.2.4.3 Vir lidmaatskap en organisatoriese doeleindes sal geaffilieerde lede in die volgende groeperings saamgevoeg word -

6.2.4.3.1 Landbouhandelskoöperasies en –besighede;

6.2.4.3.2 Landbounywerheidskoöperasies en –besighede;

6.2.4.3.3 Verpakkingskoöperasies en –besighede;

6.2.4.3.4 Bemarkingskoöperasies en – besighede; en

6.2.4.3.5 Ander besighede nie geakommodeer in punte 6.2.4.3.1 tot 6.2.4.3.5 nie.

6.2.5 Lidmaatskapgelde

Die basis waarvolgens die affiliasiegelde van geaffilieerde organisasies bereken word, sal deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer bepaal en deur die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres bekragtig word, waarna die Bestuur met inagneming van die finansiële behoeftes van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer die ledegelde van geaffilieerde organisasies sal bereken en invorder met dien verstande dat die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer oor die aanwending of reservering van sy surplusse bo sy uitgawes sal beskik, maar ook aanspreeklikheid vir eie tekorte sal aanvaar.

6.2.6 Beëindiging van lidmaatskap

6.2.6.1 Enige geaffilieerde lid wat mag besluit om sy lidmaatskap met die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer te beëindig, moet sy bedanking skriftelik binne drie maande na die aanvang van

die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer se boekjaar indien, by gebreke waarvan hy vir daardie jaar as 'n geaffilieerde lid beskou sal word.

6.2.6.2 Die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer kan die lidmaatskap van enige lid wat voortdurend in gebreke bly om sy geldelike verpligtings of die voorwaardes van lidmaatskap na te kom, beëindig met dien verstande dat -

6.2.6.2.1 die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer op 'n gewone vergadering moet besluit om die aangeleentheid op die sakelys vir die volgende vergadering te plaas;

6.2.6.2.2 skriftelik kennis van sodanige besluit aan die betrokke lid gegee word; en

6.2.6.2.3 twee-derdes van die aanwesige lede by die tweede vergadering per geslote stembriefie vir die beëindiging van lidmaatskap stem.

6.2.6.3 'n Lid wat bedank of wie se lidmaatskap beëindig word -

6.2.6.3.1 verbeur vanaf datum van beëindiging van lidmaatskap alle regte en voorregte in verband met lidmaatskap van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer, asook alle belang in die geldsake of eiendom of seggenskap in die sake van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer; en

6.2.6.3.2 is aanspreeklik vir die betaling van alle verskuldigde gelde tot aan die einde van die betrokke boekjaar.

6.3 Bestuur en Gesag

6.3.1 Besigheidskongres

Binne die struktuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer in die Provinsie Wes-Kaap berus die hoogste gesag by die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres.

6.3.1.1 Samestelling

6.3.1.1.1 Twee afgevaardigdes van elke geaffilieerde lid van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer.

6.3.1.1.2 Lede van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer indien hulle nie reeds afgevaardigdes in terme van sub-artikel 6.3.1.1.1 is nie.

6.3.1.1.3 Die Voorsitters van alle funksionele komitees van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer, indien hulle nie reeds afgevaardigdes in terme van artikels 6.3.1.1.1 en 6.3.1.1.2 is nie.

6.3.1.2 Kongresreëls

6.3.1.2.1 Die Besigheidskongres word elke tweede jaar gehou, in dié jare waarin daar nie ‘n kongres van Agri SA se Landboubesigheidskamer plaasvind nie.

6.3.1.2.2 'n Spesiale Agri Wes-Kaap Besigheidskongres of konferensies van geaffilieerde lede kan van tyd tot tyd soos deur die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer nodig geag, belê word.

6.3.1.2.3 Op skriftelike versoek (met vermelding van die doel waarvoor dit verlang word) van vyf of meer geaffilieerde lede, moet streek- of kleiner konferensies van geaffilieerde lede binne sestig dae vanaf ontvangs van die aansoek, deur die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer belê word.

6.3.1.2.4 Slegs geaffilieerde lede wat hulle affiliasiegelde vir die vorige twee jaar betaal het, of indien minder as twee jaar by die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer geaffilieer, vir die volle tydperk van lidmaatskap, is op verteenwoordiging op die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres geregtig, tensy anders deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer bepaal word, voordat die kongres vergader.

6.3.1.2.5 'n Afgevaardigde kan meer as een geaffilieerde lid, maar nie meer as vyf nie, verteenwoordig.

6.3.1.2.6 Elke afgevaardigde na die kongres het by opsteek van hande een stem met

dien verstande dat, indien per geslote stembriefie gestem word, elke afgevaardigde een stem het vir elke geaffilieerde lid wat hy verteenwoordig en verder met dien verstande dat die voorsitter kan beslis dat oor 'n bepaalde saak by wyse van geslote stembriefie gestem word en so moet beslis, indien minstens tien van die afgevaardigdes teenwoordig dit verlang.

6.3.1.2.7 Elke geaffilieerde lid, funksionele komitee en die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer sal geregtig wees om enige aantal beskrywingspunte vir opname in die kongresagenda voor te lê, met dien verstande dat -

6.3.1.2.7.1 die beskrywingspunte die sekretariaat van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer dertig (30) dae voor die datum van die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres of deur 'n vroeëre skriftelike ooreenkoms voor die sitting

van die Agendakomitee, moet bereik. Geen ander beskrywingspunte sal in aanmerking geneem word sonder dat die verlof van die kongres eers gevra en verkry is nie. Die voorsitter sal besluit op welke tydstip van die kongres sulke bykomende sake bespreek mag word; en

6.3.1.2.7.2 alle beskrywingspunte na 'n Agendakomitee deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer aangestel, verwys word en dat die Agendakomitee die beskrywingspunte sal koördineer en beslis oor die agenda van die kongres en verder met dien verstande dat so 'n beslissing nog altyd onderworpe is aan die finale beslissing van die Bestuur

van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer.

6.3.1.3 Pligte en magte

6.3.1.3.1 Die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres het volle outonomie in suiwer landboubesigheidsaangeleenthede en in alle sake van 'n huishoudelike aard en gee vir dié doel opdragte aan die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer.

6.3.1.3.2 Die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres kan ook aanbevelings aan die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap maak.

6.3.1.3.3 Die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres kan, op aanbeveling van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer, aan 'n uittredende of uitgetrede Voorsitter van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer 'n erevoorsitterskap van die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres toeken, welke erevoorsitter geregtig sal wees om

Landboubesigheidskongresse op eie koste by te woon sonder die regte van 'n afgevaardigde.

6.3.1.3.4 Die Besigheidskongres kan, op aanbeveling van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer, aan enige persoon wat uitmuntende diens aan die koöperatiewe beweging en die landboubesigheidsektor gelewer het, 'n eretoekenning in die vorm van 'n oorkonde gee.

6.3.1.3.5 Die Besigheidskongres kies -

6.3.1.3.5.1 dertien (13) lede om tot aan die einde van die daaropvolgende Besigheidskongres in die Bestuur van die Besigheidskamer te dien, met dien verstande dat die stemming vir sulke lede per geslote stembriefie sal geskied en die onderskeie verteenwoordigers elk een

van die volgende besigheidsvertakkings in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap, soos van tyd tot tyd deur die Besigheidskongres omskryf en goedgekeur, sal verteenwoordig, naamlik:

Besigheidsvertakking	Aantal verteenwoordigers
Handel	4
Nywerheid	2
Wyn	3
Verpakking	1
Bemarking	2
Ander	1

6.3.1.4 Kworum

'n Kworum vir die kongres bestaan uit minstens een-derde van die getal afgevaardigdes wat benoem is, met dien verstande dat minstens een-

derde van die aantal geaffilieerde lede verteenwoordig sal wees.

6.3.2 Bestuur

Wanneer die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres nie in sitting is nie, het die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer volle outonomie in suiwer landboubesigheids-aangeleenthede en in sake van 'n huishoudelike aard.

Geen persoon wat ‘n lid is van of hom tot verkiesing of hom of haar ten tye van die verkiesing van die Bestuur as ‘n lid van die Provinsiale Wetgewer of die Parlement beskikbaar gestel het, mag in die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer dien nie.

6.3.2.1 Samestelling

Die Bestuur word soos volg saamgestel:

6.3.2.1.1 Dertien (13) lede wat op ‘n besigheidsvertakkingsbasis ingevolge sub-artikel 6.3.1.3.5.1 deur die Besigheids-kongres gekies word en wat

dien tot en met die afsluiting van die volgende Besigheidskongres;

6.3.2.1.2 Dienende lede van die Besigheidskamer van die Agri SA, wat in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap woonagtig is en nie reeds verkose of benoemde lede van die Besigheidskamer is nie; en

6.3.2.1.3 ‘n Maksimum van twee (2) verdere lede wat wanneer nodig geag deur die Bestuur sonder stemreg gekoöpteer kan word;

6.3.2.2 Kworum

'n Kworum vir 'n vergadering van die Bestuur is minstens ses lede.

6.3.2.3 Magte en pligte

Onderhewig aan die beheer en algemene beleid van Agri Wes-Kaap en die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres beskik die Bestuur oor al die magte en moet hy al die pligte uitvoer deur onder meer magte na goeddunke te delegeer, om alles te

doen wat nodig mag wees om die ter saaklike doelstellings in artikel 2 van hierdie Grondwet sover as moontlik te verwesenlik deur -

6.3.2.3.1 'n gees van samewerking en goeie gesindheid onder landbouprodusente en landboukoöperasies/-besighede te skep en te bevorder;

6.3.2.3.2 die landboubesigheidsorganisasie in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap te koördineer, te beskerm en te bevorder;

6.3.2.3.3 die nouste en mees bevredigende samewerking tussen alle landboukoöperasies/-besighede te handhaaf;

6.3.2.3.4 jaarliks uit die balans van die affiliasiegelde van lede-organisasies en ander inkomste - nadat alle verpligtinge teenoor die Agri Wes-Kaap ten opsigte van lidmaatskapgelde en dienste aangekoop nagekom is, ‘n bedrag goedkeur om koöperatiewe opvoeding en landboubesigheids-opleiding te

bevorder of vir reklame en enige ander saak wat in die diskresie van die Bestuur direk of indirek tot voordeel van die landboukoöperasies/-besighede in die gebied van Agri Wes-Kaap strek, aan te wend;

6.3.2.3.5 konferensies van die geaffilieerde lede van die Agri Wes-Kaap_Besigheidskamer of groeperings van geaffilieerde lede as wat nodig geag mag word, te belê;

6.3.2.3.6 vertoë tot die nasionale- of streeksregering of enige staatsdepartement of die Agri SA te rig en hulle te adviseer ten opsigte van spesifieke of algemene landboubesigheids-aangeleenthede in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap;

6.3.2.3.7 as adviseurs en bemiddelaars op te tree in gevalle van geskille of ongesonde oorvleueling tussen koöperasies of in voorvalle wat 'n stremmende en nadelige uitwerking kan hê op die

landboubesighede in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap;

6.3.2.3.8 met sake wat deur lede aan die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer Bestuur voorgelê word, te handel;

6.3.2.3.9 drie direkteure en alternatiewe direkteure in die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap en afgevaardigdes na die Agri Wes-Kaap jaarkongres aan te wys, asook funksionele komitees aan te stel soos nodig gevind en aan hulle magte te verleen soos wat raadsaam geag mag word;

6.3.2.3.10 op elke kongres 'n twee-jaarlikse verslag van sy werksaamhede, tesame met behoorlike geouditeerde finansiële state van ~~die~~ Agri Wes-Kaap vir die voorafgaande twee boekjare sowel as 'n begroting vir die volgende twee finansiële jare vir doeleindes van die bepaling van die affiliasiegelde van lede-organisasies, voor te lê;

6.3.2.3.11 toe te sien dat ‘n spesiale inkomste- en uitgawerekening vir die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer in die finansiële state van Agri Wes-Kaap gehou word;

6.3.2.3.12 ‘n kode goed te keur vir die betaling van reis- en verblyfkoste van lede van die Bestuur, verteenwoordigers in die komitees, afvaardigings ens;

6.3.2.3.13 aan die Voorsitter en Vise-Voorsitter jaarlikse toelaes te betaal soos nodig geag;

6.3.2.3.14 die nodige bestuurs-, administratiewe, organisatoriese en konsultasiedienste van Agri Wes-Kaap of enige ander instansie of persoon in oorleg met die geaffilieerde lede van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer aan te koop; en

6.3.2.3.15 sodanige huishoudelike reëls op te stel as wat vir die goeie funksionering van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer nodig is.

6.4 Voorsitter en Vise-Voorsitter

6.4.1 Die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer kies uit eie geledere op die eerste vergadering na die tweejaarlikse Agri Wes-Kaap Besigheidskongres 'n persoon wat as Voorsitter van die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres en by bestuurs- en ander vergaderings van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer sal optree tot na afloop van die daaropvolgende Agri Wes-Kaap Besigheidskongres.

6.4.2 Die Bestuur kies uit eie geledere ook 'n persoon as Vise-Voorsitter wat by afwesigheid van die Voorsitter as Voorsitter van die Kongres en bestuurs- en ander vergaderings van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer sal optree.

6.4.3 In die geval waar die pos van Voorsitter van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer vakant raak, sal die Vise-Voorsitter die pos vul totdat die Bestuur hersaamgestel word en sal die Bestuur intussen uit eie geledere 'n Vise-Voorsitter vir die onverstreke termyn verkies.

6.4.4 Die Voorsitter en Vise-Voorsitter sal kragtens artikels 4.2.1.3 en 6.3.2.3.9 as twee van die drie verteenwoordigers van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer in die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap dien.

6.5 Dagbestuur

6.5.1 Die Voorsitter, Vise-Voorsitter en persone soos deur die Voorsitter vir spesifieke vergaderings gekoöpteer met of sonder stemreg dien as ‘n Dagbestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer.

6.5.2 Die Dagbestuur sal oor sulke magte beskik en pligte vervul as wat die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer van tyd tot tyd aan hom delegeer of opdra.

6.5.3 Die Dagbestuur is aan die Bestuur verantwoordelik, maar kan namens die Bestuur optree, mits by die eersvolgende Bestuursvergadering volledig daaroor verslag gedoen word.

6.6 Funksionele Komitees

6.6.1 Die onderskeie groeperings van geaffilieerde lede soos saamgevoeg ingevolge sub-artikel 6.2.4.3 wys elk ‘n funksionele komitee van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer aan.

6.6.2 Elke geaffilieerde lid binne ‘n bepaalde groepering wys een verteenwoordiger vir die betrokke Funksionele Komitee aan.

6.6.3 Die funksionele komitees word tydens die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres saamgestel en kies elk ‘n voorsitter en vise-voorsitter wat ook as die verteenwoordigers van die betrokke komitee in die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer dien. Waar van toepassing wys die funksionele komitees ook tydens hierdie vergadering hulle addisionele verteenwoordiger(s) in die Bestuur aan.

6.6.4 ‘n Funksionele komitee handel met alle sake wat deur geaffilieerde lede of die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer na die bepaalde komitee verwys is. Sake wat slegs die betrokke groepering van geaffilieerde lede raak, word direk deur die betrokke funksionele komitee afgehandel, terwyl aanbevelings oor sake wat ook ander

groeperings raak na die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer verwys word.

6.7 Vergaderings en huishoudelike reëls

6.7.1 Vergaderings van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer word minstens een maal per jaar gehou met dien verstande dat vergaderings te enige tyd belê kan word op instruksie van die Voorsitter van Agri Wes-Kaap Besigheidskamer.

6.7.2 'n Vergadering van die Bestuur moet belê word indien dit skriftelik verlang word deur minstens vier lede van die Bestuur.

6.7.3 In die geval van ‘n vakature ten opsigte van 'n lid wat deur die Agri Wes-Kaap Besigheidskongres ingevolge sub-artikel 6.3.1.3.5.1 gekies is, wys die Bestuur vir die betrokke besigheidsvertakking 'n verteenwoordiger vir die onverstreke termyn van die verkose lid aan.

6.7.4 'n Lid van die Bestuur verbeur sy lidmaatskap indien hy sonder geldige verskoning meer as twee agtereenvolgende Bestuursvergaderings nie bywoon nie.

6.8 Voorregte van geaffilieerde lede

6.8.1 Om afskrifte van verslae en derglike inligting soos deur die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer beskikbaar gestel mag word, te ontvang.

6.8.2 Om afgevaardigdes na die tweejaarlikse Agri Wes-Kaap Besigheidskamerkongres te benoem en ook verteenwoordigers aan te wys vir die bywoning van alle konferensies wat deur die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer belê mag word en wat hulle geregtig is om by te woon.

6.8.3 Om enige saak wat vir hulle van belang is na die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer vir oorweging te verwys.

6.8.4 Om, wanneer beskikbaar, die dienste van amptenare van Agri Wes-Kaap op aanvraag te verkry.

6.8.5 Om die beskerming en ruimte vir uitbouing en ontwikkeling wat die werk van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer en Agri Wes-Kaap aan die landboubesigheidsektor in Wes-Kaapland verleen, ten volle te benut.

6.9 Fondse en Boekjaar

6.9.1 Die fondse van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer bestaan uit affiliasiegelde en geld uit ander bronne ontvang.

6.9.2 Hierdie fondse moet in 'n bankrekening in die naam van Agri Wes-Kaap inbetaal word en kan alleen opgeëis word deur middel van tjeks onderteken deur persone deur die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap daartoe gemagtig.

6.9.3 Die boekjaar van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer strek vanaf 1 Mei in die een jaar tot 30 April van die daaropvolgende jaar.

BEDIENINGSTRUKTUUR VIR LANDBOUBEDRYWE

7. AGRI WES-KAAP BEDRYFSKAMER

7.1 Doel

Die doel van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer is om ingevolge die doelstellings en ander ter saaklike bepalings van die Grondwet van Agri Wes-Kaap en met inagneming van die voorsiening in die Grondwet vir bedieningstrukture vir algemene landbousake (Artikel 5) en vir landboubesighede (Artikel 6) 'n

verteenwoordigende organisasie van leiers van bedryfsorganisasies binne die gebied van die Provinsie Wes-Kaap daar te stel.

7.2 Lidmaatskap

7.2.1 Geaffilieerde lede

Enigeen van die volgende bedryfsorganisasies wat in die Provinsie Wes-Kaap funksioneer en wat ooreenkomstig sub-artikel 7.2.3.1 skriftelik daarom aansoek doen en waarvan sodanige aansoek deur die Bestuur goedgekeur is, kan geaffilieerde lede van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer word -

7.2.1.1 organisasies van produsente gestig vir die bevordering van die een of ander vertakking van die landbou, hierna genoem spesiale produsente-organisasies, asook verenigings gestig met die hoofdoel om navorsing en verspreiding van wetenskaplike kennis in 'n besondere landboubedryf of bedrywe te bevorder, hierna genoem spesiale landbouverenigings, wat na die oordeel van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer gespesialiseerde dienste aan 'n besondere landboubedryf of bedrywe lewer.

7.2.2 Interne Bedryfsorganisasies

Interne Bedryfsorganisasie en Bedryfskomitees wat volgens die bepalings van Bylae 1 van hierdie Grondwet deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer in raadpleging met Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer in die lewe geroep of saamgestel is, word as lede van die Kamer beskou.

7.2.3 Aansoek om Lidmaatskap

7.2.3.1 Enige bedryfsorganisasie genoem onder 7.2.1 wat by die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer wil affilieer moet formeel skriftelik by die Landboubedryfskamer daarom aansoek doen en die volgende voorlê:

'n Verklaring van ledetal;

'n Afskrif van sy grondwet; en

'n Verklaring dat die betrokke organisasie die Grondwet van Agri Wes-Kaap onderskryf.

Alvorens hy enige organisasie as lid aanvaar, kan die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer enige ander inligting wat ter sake is van die betrokke organisasie aanvra en kan hy lidmaatskap sonder opgaaf van redes weier.

Waar enige geaffilieerde lid, nadat sy aansoek om lidmaatskap goedgekeur is, die naam van die organisasie, sy doelstellings of vereistes ten opsigte van lidmaatskap wil verander, moet die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer skriftelik van die voorgestelde wysigings in kennis gestel en later ook van sodanige finale wysigings verwittig word.

7.2.4 Outonomie van geaffilieerde lede

Elke geaffilieerde lid het volle outonomie op sy eie gebied met dien verstande dat -

7.2.4.1 alle sake wat ook ander belange of geaffilieerde lede raak of van breër toepassing is na bespreking na die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer verwys word vir koördinering en verdere optrede; en

7.2.4.2 as ‘n geaffilieerde lid, na nakoming van die prosedure in sub-artikel 7.2.4.1, dit onmoontlik vind om met die meerderheid saam te stem, sodanige lid die reg het om sy sienswyse aan enige instansie voor te lê.

7.2.5 Vereistes vir lidmaatskap

7.2.5.1 Elke geaffilieerde lid moet jaarliks aan die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer ‘n verklaring ten opsigte van lidmaatskap voorlê.

7.2.5.2 ‘n Spesiale produsenteorganisasie sal slegs vir lidmaatskap kwalifiseer indien sy lede, waar dit enigsins moontlik is, ook almal lede van landbouverenigings is, ten opsigte van wie die verenigings affiliasiegelde aan die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer betaal.

7.2.5.3 ‘n Spesiale landbouvereniging sal slegs vir lidmaatskap kwalifiseer, indien ten minste 50% van die vereniging se lede ook lede van landbouverenigings is ten opsigte van wie die betrokke verenigings affiliasiegelde aan die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer betaal.

7.2.5.4 Nieteenstaande voorgenoemde mag die Bestuur lidmaatskap van enige bedryfsorganisasie of –vereniging goedkeur, indien affiliasiegelde ten opsigte van individuele lede aan die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer oorbetaal word.

7.2.5.5 Die Bestuur mag ook spesiale kategorieë van lidmaatskap, affiliasiegelde betaalbaar en voordele van sodanige geaffilieerde lede bepaal en soos nodig hersien.

7.2.6 Lidmaatskapgelde

7.2.6.1 Die basis waarvolgens die lidmaatskapgelde van geaffilieerde lede en interne bedryfsorganisasies bereken word, sal deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer bepaal word.

7.2.7 Beëindiging van lidmaatskap

7.2.7.1 Enige geaffilieerde lid of interne bedryfsorganisasie wat mag besluit om sy lidmaatskap met die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer te beëindig, moet sy bedanking skriftelik binne drie maande na die aanvang van Agri Wes-Kaap se boekjaar indien, by gebreke waarvan hy vir daardie jaar as ‘n geaffilieerde lid beskou sal word.

7.2.7.2 Die Bestuur kan die lidmaatskap van enige lid wat voortdurend in gebreke bly om sy geldelike verpligtinge of die voorwaardes van lidmaatskap na te kom, beëindig met dien verstande dat -

7.2.7.2.1 die Bestuur op ‘n gewone vergadering moet besluit om die aangeleentheid op die sakelys vir die volgende vergadering te plaas;

7.2.7.2.2 skriftelik kennis van sodanige besluit aan die betrokke lid gegee word; en

7.2.7.2.3 twee-derdes van die aanwesige lede by die tweede vergadering per geslote stembriefie vir die beëindiging van lidmaatskap stem.

7.2.7.3 ‘n Lid wat bedank of wie se lidmaatskap beëindig word -

7.2.7.3.1 verbeur vanaf datum van beëindiging van lidmaatskap alle regte en voorregte in verband met lidmaatskap van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer, asook alle belang in die die geldsake of eiendom of seggenskap in die sake van die Kamer; en

7.2.7.3.2 is aanspreeklik vir die betaling van alle verskuldigde gelde tot aan die einde van die betrokke boekjaar.

7.3 Bestuur en Gesag

7.3.1 Die Bestuur

Die Bestuur is die hoogste gesag van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer. Geen persoon wat ‘n lid is of hom of haar ten tye van die samestelling van die Bestuur tot verkiesing as ‘n lid van die Provinsiale Wetgewer of die Parlement beskikbaar gestel het, mag in die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer dien nie.

7.3.1.1 Samestelling

Die Bestuur bestaan uit sewe verteenwoordigers van landboubedryfsvertakkinge in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap wat met plaasvervangers benoem word deur die betrokke bedryfsorganisasies op ‘n grondslag soos van tyd tot tyd deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer in oorleg met die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap bepaal. Die betrokke bedryfsorganisasie sal self by

reorganisasie ‘n verteenwoordiger en ‘n plaasvervanger in die Bestuur aanwys. Enige verandering van verteenwoordigers sal onmiddellik van krag word, behalwe in ‘n geval waar die vorige verteenwoordiger een van die ampte van Voorsitter of Vise-Voorsitter beklee, in welke geval die nuwe verteenwoordiger as ‘n gekoöpterde lid sonder stemreg sitting sal neem totdat die Bestuur weer ‘n Voorsitter en Vise-Voorsitter kies soos bepaal in artikel 7.4.1 en 7.4.2.

7.3.1.2 Kworum

‘n Kworum vir ‘n vergadering van die Bestuur bestaan uit een meer as die helfte van die getal verteenwoordigers in die Bestuur.

7.3.1.3 Vergaderings

Die Bestuur moet ten minste twee vergaderings per jaar hou, met dien verstande dat die Voorsitter of die Bestuur mag besluit om meer dikwels te vergader en die Voorsitter ‘n vergadering moet belê op versoek van ten minste vyf van die geaffilieerde lede en interne bedryfsorganisasies.

7.3.1.4 Magte en pligte

Onderhewig aan die beheer en algemene beleid van Agri Wes-Kaap, beskik die Bestuur oor al die magte en moet hy al die pligte uitvoer deur onder meer magte na goeddunke te delegeer, om alles te doen wat nodig mag wees om die doelstellings in artikel 2 sover moontlik te verwesenlik en vir hierdie doel -

7.3.1.4.1 ‘n gees van samewerking en goeie gesindheid onder landbouprodusente en die landboubedryfsorganisasies skep en bevorder;

7.3.1.4.2 landboubedryfsaangeleenthede in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap koördineer, beskerm en bevorder;

7.3.1.4.3 toesien dat die nouste en mees bevredigende samewerking tussen die algemene landbou-organisasies, die landbou-besigheidsorganisasie en bedryfsorganisasies in die gebied gehandhaaf word;

7.3.1.4.4 alle sake hanteer wat geaffilieerde lede van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer na hom verwys vir koördinering en afhandeling met dien verstande dat -

7.3.1.4.4.1 daarmee nie afbreuk gedoen word aan Agri Wes-Kaap en sy ander samestellende lede se gesag as koördinering-strukture nie;

7.3.1.4.4.2 die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer hom daarvan vergewis het dat aangeleenthede nie beter op

‘n laer organisatoriese vlak, insluitende deur ‘n groepering van bedryfs-organisasies, afgehandel kan word nie;

7.3.1.4.4.3 besluite verkieslik op ‘n konsensusbasis geneem word; en

7.3.1.4.4.4 indien daar nie konsensus oor ‘n aangeleentheid bereik kan word nie, of die aangeleentheid ook ander belange raak wat nie in die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer verteenwoor-diging het nie of ‘n wyer toepassing het, dit na die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap verwys word.

7.3.1.4.5 konferensies van landboubedryfs-organisasies of groeperinge van landboubedryfsorganisasies soos nodig geag mag word, belê;

7.3.1.4.6 vertoë tot die nasionale- of provinsiale regering of enige staatsdepartement of die Agri SA sal rig en hulle adviseer ten opsigte van landboubedryfs-aangeleenthede in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap;

7.3.1.4.7 as adviseurs en bemiddelaars optree in gevalle van geskille tussen bedryfsorganisasies in die gebied van die Provinsie Wes-Kaap of in voorvalle wat 'n stremmende en nadelige uitwerking kan hê op die landboubedrywe in die gebied;

7.3.1.4.8 ingevolge Artikel 4.2.1.4 van die Grondwet drie direkteure en alternatiewe direkteure in die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap aanwys en ook die Bestuur van die Kamer of hulle plaasvervangers as afgevaardigdes benoem om die jaarvergadering van Agri Wes-Kaap by te woon;

7.3.1.4.9 sulke sub-komitees aanstel soos nodig gevind en aan hulle magte te verleen as wat raadsaam geag word;

7.3.1.4.10 die bedrag bo en behalwe die lidmaatskapgelde na verwys is in artikel 7.2.6.1 bepaal wat jaarliks met inagneming van bedryfstakke se verhoudelike bydraes tot landbou se bruto waarde in die Provinsie Wes-Kaap asook die finansiële behoeftes van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer ledegelde vir deelnemende bedryfsorganisasies bereken en invorder met dien verstande dat die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer oor die aanwending of reservering van surplusse bo sy uitgawes sal beskik, maar ook aanspreeklikheid vir eie tekorte sal aanvaar;

7.3.1.4.11 toesien dat ‘n spesiale inkomste- en uitgawerekening vir die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer in die state van Agri Wes-Kaap gehou en geouditeer word;

7.3.1.4.12 toesien dat die nodige bestuurs-, administratiewe, organisatoriese en konsultasiedienste van Agri Wes-Kaap of enige ander instansie of persoon in oorleg met die geaffilieerde en interne bedryfsorganisasies aangekoop word;

7.3.1.4.13 ‘n kode goedkeur vir die betaling van reis- en verblyfkoste aan lede van die Bestuur en verteenwoordigers in onderkomitees, afvaardigings, amptenare, ensovoorts;

7.3.1.4.14 aan die Voorsitter en die Vise-Voorsitter sodanige jaarlikse toelae betaal soos nodig geag; en

7.3.1.4.15 jaarliks aan die geaffilileerde lede van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer en die interne bedryfsorganisasies die volgende sal voorlê:

- ‘n verslag van sy werksaamhede;
- die geouditeerde finansiële state van die Agri Wes-Kaap vir die voorafgaande boekjaar;

- die begroting van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer vir die volgende finansiële jaar; en
- die basis vir die bepaling van die ledegelde van die geaffilieerde en interne bedryfsorganisasies.

7.4 Voorsitter en Vise-Voorsitter

7.4.1 Die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer kies jaarliks met inagneming van die bepalings van artikels 4.2.1.4 en 7.4.4. van die Grondwet op die eerste vergadering na afsluiting van Agri Wes-Kaap se boekjaar, uit eie geledere 'n persoon wat as Voorsitter by vergaderings van die Bestuur en ander byeenkomste van die Kamer sal optree.

7.4.2 Die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer kies jaarliks met inagneming van die bepalings van artikels 4.2.1.4 en 7.4.4. van die Grondwet op die eerste vergadering na afsluiting van Agri Wes-Kaap se boekjaar, uit eie geledere ook 'n persoon as Vise-Voorsitter wat in alle gevalle van afwesigheid van die Voorsitter as Voorsitter sal optree.

7.4.3 In die geval waar die pos van Voorsitter van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer vakant raak, sal die Vise-Voorsitter die pos vul totdat die Bestuur hersaamgestel word en sal die

Bestuur intussen uit eie geledere 'n Vise-Voorsitter vir die onverstreke termyn verkies.

7.4.4 Die Voorsitter en Vise-Voorsitter sal kragtens artikel 4.2.1.4 van die Grondwet as twee van die drie verteenwoordigers van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer in die Raad van Direkteure van Agri Wes-Kaap dien.

7.5 Dagbestuur

7.5.1 Die Voorsitter, Vise-Voorsitter en een verdere lid van die Bestuur deur die Bestuur as Dagbestuur aangewys word en wel op so ‘n wyse dat die drie persone die bedryfsvertakkings (akkerbou, tuinbou en veeteelt) verteenwoordig.

7.5.2 Die Dagbestuur sal oor sulke magte beskik en pligte vervul as wat die Bestuur van tyd tot tyd aan hom delegeer of opdra.

7.5.3 Die Dagbestuur is aan die Bestuur verantwoordelik, maar kan namens die Bestuur optree, mits by die eersvolgende Bestuursvergadering volledig daaroor verslag gedoen word.

7.5.4 Die Voorsitter die reg het om ander Bestuurslede vir spesifieke vergaderings in die Dagbestuur met of sonder stemreg te koöpteer.

7.6 **Vergaderings en huishoudelike reëls**

7.6.1 Vergaderings van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer word minstens een maal per jaar gehou met dien verstande dat vergaderings te enige tyd belê kan word op instruksie van die Voorsitter van die Kamer of die Voorsitter van Agri Wes-Kaap.

7.6.2 'n Vergadering van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer moet belê word indien dit skriftelik verlang word deur minstens vier lede van die Bestuur.

7.6.3 Stemming by alle vergaderings van die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer geskied by wyse van die opsteek van hande, behalwe by die verkiesing van die Voorsitter en Vise-Voorsitter wat by wyse van geslote stembriefies moet geskied, met dien verstande dat -

7.6.3.1 die Voorsitter kan beslis dat oor 'n besondere saak by wyse van geslote stembriefies gestem word en so moet beslis, indien minstens vier van die lede teenwoordig dit verlang;

7.6.3.2 ‘n lid van die Bestuur wat meer as een geaffilieerde lid en/of interne bedryfsorganisasie van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer verteenwoordig, op 'n ooreenstemmende aantal stemme geregtig is in alle gevalle waar by wyse van geslote stembriefies gestem word; en

7.6.3.3 die Voorsitter beide ‘n gewone en beslissende stem het, behalwe in gevalle waar oor persone beslis moet word, in welke geval die aanwysing van ‘n persoon by staking van stemme deur loting bepaal sal word.

7.6.4 Waar 'n vakature in die Bestuur ontstaan, tree die betrokke verkose plaasvervanger op as die verteenwoordiger totdat die betrokke bedryfsorganisasie 'n lid en 'n plaasvervanger vir die onverstreke termyn van die verkose verteenwoordiger aangewys het.

7.6.5 ‘n Lid van die Bestuur verbeur sy lidmaatskap indien hy sonder geldige verskoning meer as twee agtereenvolgende Bestuursvergaderings nie bywoon nie.

7.7 Fondse vir Boekjaar

7.7.1 Die fondse van die Wes-Kaap Besigheidskamer bestaan uit affiliasiegelde en geld uit ander bronne ontvang.

7.7.2 Hierdie fondse moet in 'n bankrekening in die naam van Agri Wes-Kaap inbetaal word en kan alleen opgeëis word deur middel van tjeks onderteken deur persone deur die Agri Wes-Kaap daartoe gemagtig.

7.7.3 Die boekjaar van die Agri Wes-Kaap Besigheidskamer strek vanaf 1 Mei in die een jaar tot 30 April van die daaropvolgende jaar.

7.8 Voorregte van geaffilieerde lede

7.8.1 Om afskrifte van verslae en derglike inligting soos deur die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer beskikbaar gestel mag word, te ontvang.

7.8.2 Om verteenwoordigers aan te wys vir die bywoning van alle konferensies en byeenkomste wat deur die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer belê mag word en wat hulle geregtig is om by te woon.

7.8.3 Om enige saak wat vir hulle van belang is na die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer vir oorweging te verwys.

7.8.4 Om, wanneer beskikbaar, die dienste van amptenare van Agri Wes-Kaap op aanvraag te verkry.

7.8.5 Om die beskerming, uitbouing en ontwikkeling wat die werk van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer en Agri Wes-Kaap aan die landboubedrywe in die Provinsie Wes-Kaap verleen, ten volle te benut.

8. REIS- EN VERBLYFTOELAE

8.1 Die basis en tarief waarvolgens die betaling van reis- en verblyftoelae geskied, word van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure bepaal.

8.2 Agri Wes-Kaap is verantwoordelik vir die reis- en verblyftoelaag van die volgende:

8.2.1 Agri Wes-Kaap se afgevaardigdes na die Agri SA se kongres;

8.2.2 Lede van die Raad van Direkteure, Dagbestuur, funksionele komitees en afvaardigings van Agri Wes-Kaap waar hulle vergaderings van die Raad, Dagbestuur en

komitees of samesprekings namens die Agri Wes-Kaap bywoon;

8.2.3 Die Voorsitter, Vise-Voorsitter en amptenare van Agri Wes-Kaap waar hulle ampshalwe teenwoordig moet wees; en

8.2.4 Die Voorsitter, Vise-Voorsitter en lede van die Raad van Direkteure vir bywoning van die jaarkongres van Agri Wes-Kaap indien hulle nie afgevaardigdes na die jaarkongres in terme van artikels 4.1.1.2 tot 4.1.1.8 is nie**.**

8.3 Samestellende lede en hulle geaffilieerde lede is verantwoordelik vir die koste van hulle gevolmagtigdes na die jaarkongres van Agri Wes-Kaap.

8.4 Die Raad van Direkteure moet besluit oor gevalle waarvoor daar nie in artikels 8.2.1 tot 8.2.4 voorsiening gemaak is nie, of waaroor dispute mag ontstaan.

9. FONDSE EN BOEKJAAR

9.1 Die fondse van Agri Wes-Kaap bestaan uit lidmaatskapgelde en geld uit ander bronne ontvang.

9.2 Hierdie fondse moet in 'n bankrekening in die naam van Agri Wes-Kaap inbetaal word en kan alleen opgeëis word deur middel van

tjeks onderteken deur persone deur die Raad van Direkteure daartoe gemagtig.

9.3 Die boekjaar van Agri Wes-Kaap strek vanaf 1 Mei in die een jaar tot 30 April van die daaropvolgende jaar.

10. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Hierdie Grondwet kan deur die jaarkongres of op 'n spesiale kongres vir dié doel belê, gewysig word, met dien verstande dat -

10.1 kennis van voorgestelde wysigings die Besturende Direkteur ten minste negentig (90) dae voor die jaarvergadering bereik, behalwe waar die Raad van Direkteure wysigings voorstel;

10.2 die Besturende Direkteur die samestellende lede en hulle geaffilieerde lede waar van toepassing ten minste sestig (60) dae voor die jaarkongres kennis gee van die voorgestelde wysigings, met volle besonderhede;

10.3 'n twee-derde meerderheid van die afgevaardigdes teenwoordig ten gunste daarvan is, altyd met dien verstande dat 'n afgevaardigde 'n stem het vir elke samestellende lid of geaffilieerde lid van ‘n samestellende lid wat hy verteenwoordig; en

10.4 enige wysiging aan die Grondwet aan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste voorgelê sal word.

11. TOEPASSING

Hierdie Grondwet vervang enige vorige Grondwet, maar maak enige besluit wat wettiglik ooreenkomstig vorige Grondwette geneem is, geensins ongeldig nie en doen geensins afbreuk daaraan nie.

12. ONTBINDING

By likwidasie of ontbinding sal Agri Wes-Kaap se bates wat oorbly, na voldoening van enige verpligtinge, gegee of oorgemaak word aan 'n ander maatskappy, genootskap, vereniging of organisasie met soortgelyke oogmerke as dié van Agri Wes-Kaap en wat ook vrygestel is van die betaling van inkomstebelasting ingevolge artikel 10(1)(cB)(i)(ff) van die Inkomstebelastingwet. Indien daar by ontbinding nie sodanige organisasie met soortgelyke oogmerke bestaan nie, sal Agri Wes-Kaap se bates in trust gehou word totdat so 'n organisasie gestig word, met dien verstande dat sodanige organisasie binne ‘n tydperk van twaalf maande gestig word.

13. AMPTELIKE TEKS

Vir alle doeleindes sal die Afrikaanse teks as die amptelike teks van die Grondwet beskou word.

Hersien: Julie 2007

BYLAE 1

BYLAE TOT BEDRYFSBEDIENINGSTRUKTUUR

INTERNE BEDRYFSORGANISASIES

1. INSTELLING

Vir elke bedryfstak wat daarom vra, mag daar volgens die diskresie van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer en onderhewig aan die bepalings van hierdie Grondwet, 'n interne bedryfsorganisasie of bedryfskomitee in die lewe geroep, saamgestel, bedryf, rustend gehou of ontbind word.

2. DOEL

Die doel van 'n interne bedryfsorganisasie is om ‘n verteenwoordigende organisasie van leiers in 'n bedryfstak binne die gebied van die Provinsie Wes-Kaap te vorm wat die inisiatief sal neem om op 'n gekoördineerde wyse, op grond van eie ondersoeke en voorleggings deur belanghebbendes, deur middel van skakeling en bedinging vir die produsente binne daardie bedryfstak ten opsigte van suiwer bedryfsake, die beste moontlike ekonomiese welvaartsposisie na te streef.

3. STATUS

Elke interne bedryfsorganisasie sal deur Agri Wes-Kaap en die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer erken word as die gevolmagtigde organisasie en mondstuk (spreekbuis) vir die betrokke bedryfstak en produk(te), wat die hoogste gesag binne die betrokke bedryfstak verteenwoordig en volle outonomie het in sake wat slegs die betrokke bedryfstak raak, asook sake van 'n huishoudelike aard met dien verstande dat algemene sake, vir sover dit die betrokke bedryfstak en ook ander bedryfstakke en produkte raak, deur die organisasie bespreek kan word, waarna enige voortspruitende besluite daaroor as aanbevelings na die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer vir koördinasie en verdere optrede verwys moet word.

4. STRUKTUUR EN GESAG

Die struktuur van elke interne bedryfsorganisasie sal bestaan uit:

4.1 'n Bedryfskongres wat as hoogste gesag funksioneer en 'n komitee of bestuur wat - binne die breë beleid deur die kongres neergelê - namens die betrokke bedryfstak optree wanneer die kongres nie in sitting is nie, met dien verstande dat waar 'n interne bedryfsorganisasie meer as een sub-bedryfstak binne 'n bedryfstak behartig:

4.1.1 sub-bedryfskongresse vir sodanige sub-bedryfstakke ook ingestel kan word, wat die hoogste gesag sal wees ten

opsigte van bedryfsake wat uitsluitlik op 'n besondere sub-bedryfstak betrekking het;

4.1.2 die bedryfskongres die hoogste gesag sal wees ten opsigte van bedryfsake wat 'n betrokke bedryfstak in sy geheel raak, huishoudelike sake van die interne bedryfsorganisasie en die administrasie van die organisasie;

4.1.3 komitees of hoofbesture vir sodanige sub-bedryfstakke ook ingestel kan word, wat binne die breë beleid deur die betrokke sub-bedryfskongresse neergelê, sal optree ten opsigte van bedryfsake, wat uitsluitlik op 'n besondere sub-bedryfstak betrekking het wanneer die sub-bedryfskongres nie in sitting is nie; en

4.1.4 die bedryfskomitee of bestuur vir 'n bedryfstak as geheel (insluitend die betrokke sub-bedrywe) namens die betrokke bedryfstak sal optree ten opsigte van bedryfsake wat die bedryfstak in sy geheel raak, huishoudelike sake van die interne bedryfsorganisasie en die administrasie van die organisasie, wanneer die betrokke bedryfskongres nie in sitting is nie;

of

4.2 ‘n komitee of bestuur as hoogste gesag, in gevalle waar 'n bedryfstak nie die behoefte aan 'n bedryfskongres het nie of nog nie tot die instelling van 'n bedryfskongres oorgegaan het nie met dien verstande dat waar 'n interne bedryfsorganisasie meer as een sub-bedryfstak binne 'n bedryfstak behartig;

4.2.1 aparte bedryfskomitees of hoofbesture vir sodanige sub-bedryfstakke ook ingestel kan word, wat bedryfsake wat uitsluitlik op die onderskeie sub-bedryfstakke betrekking het, sal behartig; en

4.2.2 die bedryfskomitee of bestuur vir 'n bedryfstak as geheel namens die betrokke bedryfstak sal optree ten opsigte van bedryfsake wat die bedryfstak in sy geheel raak, huishoudelike sake van die interne bedryfsorganisasie en die administrasie van die organisasie.

5 GRONDSLAG VAN SAMESTELLING VAN DIE BEDRYFSKONGRES EN –KOMITEE OF BESTUUR

Sowel die bedryfskongresse (waar van toepassing), asook die komitees of hoofbesture word verteenwoordigend saamgestel en bestaan uit:

5.1 verteenwoordigers van geaffilieerde lede van Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer met belang in die bedryfstak met inagneming van oorwegings soos die geografiese verspreiding

van verteenwoordiging, verhoudelike getalle georganiseerde produsente en produksie in verskillende gebiede, met dien verstande verder dat waar 'n interne bedryfsorganisasie verskillende sub-bedryfstakke binne 'n bedryfstak behartig, die betrokke bedryfskongres en/of komitee of bestuur ook verteenwoordigend van die betrokke sub-bedryfstakke sal wees.

6 BEDRYFSKONGRES

6.1 Gesag

In die gevalle waar 'n interne bedryfsorganisasie ingevolge artikel 4.1 oor 'n bedryfskongres beskik, is dié kongres die hoogste gesag binne die betrokke organisasie ten opsigte van bedryfsake en sake van 'n huishoudelike aard.

6.2 Samestelling

Met inagneming van die oorwegings in artikel 5 vermeld, besluit die komitee of bestuur oor die samestelling van 'n eerste bedryfskongres, waarna dié kongres van tyd tot tyd - op aanbeveling van die komitee of bestuur - oor die samestelling van toekomstige kongresse besluit.

6.3 Kworum

Die helfte plus een van die bepaalde aantal stemgeregtigde afgevaardigdes wat die bedryfskongres mag bywoon, sal 'n kworum vorm.

6.4 Kongresreëls

6.4.1 Die bedryfskongres word periodiek gehou op 'n plek en datum wat minstens 90 (negentig) dae vooruit deur die komitee of bestuur vasgestel is. Die tydsverloop tussen kongresse word deur die bedryfskongres, op aanbeveling van die komitee of bestuur, bepaal.

6.4.2 Die sekretariaat gee aan elke organisasie of liggaam wat afgevaardigdes mag benoem minstens 60 (sestig) dae vooraf kennis van die datum en plek van die bedryfskongres.

6.4.3 Minstens 30 (dertig) dae voor die bedryfskongres, moet elke betrokke liggaam of organisasie 'n lys van die name en adresse van sy afgevaardigdes aan die sekretariaat verstrek met dien verstande dat in gevalle van die onvermydelike afwesigheid van 'n afgevaardigde, die betrokke liggaam of organisasie skriftelik tot by die

openingstyd van die kongres 'n plaasvervanger kan benoem.

6.4.4 Elke organisasie wat afgevaardigdes na die kongres mag stuur en die komitee of bestuur, is geregtig om beskrywingspunte vir moontlike opname in die kongresagenda voor te lê met dien verstande dat

6.4.4.1 die beskrywingspunte die sekretariaat minstens 30 (dertig) dae voor die datum van die kongres, of 'n vroeëre datum voor die sitting van die agendakomitee - waarvan skriftelik kennis gegee is - moet bereik; en

6.4.4.2 alle beskrywingspunte na 'n agendakomitee, wat deur die komitee of bestuur aangestel word, verwys word om die beskrywingspunte te koördineer en te beslis oor die agenda van die kongres, steeds onderworpe aan die finale beslissing van die komitee of bestuur.

6.4.5 Indien die meerderheid van die komitee of bestuur op 'n wettig gekonstitueerde vergadering so besluit, moet 'n spesiale bedryfskongres byeengeroep word; met dien verstande dat in elke geval 'n behoorlike kennisgewing tesame met besonderhede van die doel, plek, datum en tyd

van die kongres minstens 30 (dertig) dae voor die datum waarop die spesiale bedryfskongres gehou sal word, aan elke liggaam of organisasie wat afgevaardigdes mag benoem, gepos sal word. In die geval van 'n spesiale kongres geld die bepalings van artikel 6.4.3 nie, behalwe dat plaasvervangende lede wel benoem kan word.

6.4.6 Stemming geskied by wyse van die opsteek van hande met dien verstande dat;

6.4.6.1 die Voorsitter kan beslis dat daar oor 'n besondere saak by wyse van geslote stembriefies gestem word en so moet beslis indien minstens 10 (tien) teenwoordige afgevaardigdes dit verlang; en

6.4.6.2 afgevaardigdes wat meer as een samestellende liggaam of organisasie in die kongres verteenwoordig, op 'n ooreenstemmende aantal stemme geregtig is in alle gevalle waar daar by wyse van geslote stembriefies gestem word.

6.4.7 <u>Voorsitter en Vise-Voorsitter</u>

6.4.7.1 Die bedryfskongres het die keuse om te besluit of hy die Voorsitter en/of Vise-Voorsitter van die betrokke bedryfsorganisasie sal verkies en of die

komitee of bestuur uit eie geledere 'n Voorsitter en Vise-Voorsitter moet verkies. Indien die verkiesing van 'n Voorsitter en/of Vise-Voorsitter deur die kongres gedoen word, moet dit by wyse van geslote stembriefies op 'n volstrekte meerderheidsgrondslag geskied.

6.4.7.2 Indien die Voorsitter deur die bedryfskomitee of bestuur verkies word, tree die betrokke persoon - en in sy afwesigheid die Vise-Voorsitter - as Voorsitter van die bedryfskongres op; met dien verstande dat indien beide afwesig is, die kongres uit eie geledere 'n Voorsitter vir die betrokke kongres verkies.

6.4.8 Die Voorsitter beskik oor 'n gewone stem, maar nie 'n beslissende stem nie, behalwe in gevalle waar 'n beslissing oor 'n spesifieke saak op daardie besondere vergadering geneem moet word.

6.4.9 'n Mosie waaroor die stemme staak, word as verwerp beskou, behalwe in gevalle waar 'n beslissing oor 'n aangeleentheid op daardie besondere vergadering geneem moet word en die Voorsitter sy beslissende stem ingevolge artikel 6.4.8 uitbring.

7. KOMITEE OF BESTUUR

7.1 Samestelling

7.1.1 Die komitee of bestuur word jaarliks saamgestel volgens die bepalings van artikel 5; met dien verstande dat die betrokke organisasies jaarliks skriftelik hul verteenwoordigers aanwys, met inbegrip van 'n plaasvervanger vir elke verteenwoordiger wat oor die regte van 'n volle lid sal beskik, indien die primariuslid nie by 'n vergadering teenwoordig kan wees nie.

7.1.2 In gevalle waar die bedryfskongres nie die Voorsitter en/of Vise-Voorsitter ingevolge artikel 6.4.7 verkies nie, word hierdie persone deur die komitee of bestuur op 'n volstrekte meerderheidsgrondslag by wyse van geslote stembriefies verkies. In die geval van 'n staking van stemme word deur die lot beslis.

7.1.3 Die komitee of bestuur kan jaarliks uit eie geledere 'n verteenwoordigende dagbestuur kies, bestaande uit die Voorsitter, Vise-Voorsitter en een tot hoogstens drie addisionele lede, na gelang van die omstandighede in 'n besondere bedryfstak, wat tussen vergaderings van die komitee of bestuur oor die toepaslike bevoegdhede van die komitee of bestuur sal beskik; met dien verstande dat alle

besluite van die dagbestuur aan die volgende vergadering van die komitee of bestuur gerapporteer, goedgekeur en/of daardeur in hersiening geneem kan word.

7.1.4 Die komitee of bestuur mag komitees vir spesifieke aangeleenthede binne die betrokke bedryfstak aanstel; met dien verstande dat besluite van sodanige komitees onderhewig is aan goedkeuring deur die komitee of bestuur voordat dit uitgevoer of verder gevoer mag word, tensy die komitee of bestuur uitdruklik vooraf volmag daartoe verleen het.

7.2 Bevoegdhede

7.2.1 Wanneer die bedryfskongres nie in sitting is nie, beskik die komitee of bestuur oor alle toepaslike gesag en verantwoordelikheid ingevolge die betrokke bepalings van hierdie Grondwet.

7.2.2 Wanneer 'n interne bedryfsorganisasie nie oor 'n bedryfskongres beskik nie, verteenwoordig die komitee of bestuur die hoogste gesag in die organisasie en beskik hy in sodanige geval ook oor die bevoegdhede van 'n kongres, ingevolge die bepalings van hierdie grondwet.

7.2.3 Waar hierdie Grondwet dit vir 'n interne bedryfsorganisasie moontlik maak om, na gelang van omstandighede in die bedryfstak, volgens sy diskresie toepaslike reëlings te tref, beskik die komitee of bestuur oor die bevoegdheid daartoe.

7.3 Algemene reëls

7.3.1 Vergaderings van die komitee of bestuur word deur die sekretariaat, in opdrag van die komitee of bestuur of Voorsitter belê, met dien verstande dat 'n spesiale of buitengewone vergadering belê moet word indien die Voorsitter daartoe opdrag gee, of indien 'n meerderheid lede van die komitee of bestuur skriftelik sodanig versoek.

7.3.2 'n Meerderheid van die stemgeregtigde lede van die komitee of bestuur vorm 'n kworum.

7.3.3 Die Voorsitter beskik oor 'n gewone stem, maar nie 'n beslissende stem nie, behalwe in gevalle waar 'n beslissing oor 'n spesifieke saak op daardie besondere vergadering geneem moet word.

7.3.4 By die verkiesing van 'n Voorsitter vir die komitee of bestuur tree 'n amptenaar van Agri Wes-Kaap as Voorsitter op.

7.3.5 'n Mosie waaroor die stemme staak, word as verwerp beskou, behalwe in gevalle waar 'n beslissing oor 'n aangeleentheid op daardie besondere vergadering geneem moet word en die Voorsitter sy beslissende stem ingevolge sub-artikel 7.3.3 uitbring.

7.3.6 Notule van alle vergaderings moet behoorlik gehou, goedgekeur, geteken en in 'n notuleboek in die kantoor van Agri Wes-Kaap bewaar word.

7.3.7 Indien 'n lid nie 'n vergadering kan bywoon nie, kan 'n plaasvervanger wat deur die betrokke organisasie genomineer is, dit bywoon.

7.3.8 Indien 'n betrokke geaffilieerde lid van die Agri Wes-Kaap Algemene Sakekamer in gebreke bly om 'n verteenwoordiger in die komitee of bestuur te benoem, of wanneer die betrokke affiliasie tydelik nie die voorwaardes van affiliasie nakom nie, kan die komitee of bestuur iemand benoem om die belange van daardie groep te behartig en is sodanige benoemde persoon 'n volle lid van die komitee of bestuur, totdat die betrokke affiliasie 'n persoon behoorlik genomineer het.

7.3.9 Die komitee of bestuur lê die benoemingsprosedure neer ten opsigte van liggame waarin Agri Wes-Kaap, ten opsigte

van die betrokke bedryfstak, verteenwoordigers moet aanwys.

8. ADMINISTRASIE

8.1 Amptenare van Agri Wes-Kaap sal die sekretariaat, vakkundige bydraes en die uitvoerende verantwoordelikhede ten opsigte van interne bedryfsorganisasies behartig; met dien verstande dat reëlings vir die beskikbaarstelling van sodanige amptenare en die finansiering van hierdie dienste in oorleg met die betrokke bedryfsorganisasie gedoen sal word.

8.2 Amptenare van Agri Wes-Kaap sal verantwoordelik wees vir sekretariële en organisatoriese dienste aan bedryfsorganisasies; met dien verstande dat amptenare van die Agri SA verantwoordelik is vir die vakkundige insette ten opsigte van daardie organisasies wat inskakel by 'n interne nasionale bedryfsorganisasie.

8.3 Interne bedryfsorganisasies is verantwoordelik vir die jaarlikse opstelling en voorlegging van begrotings ten opsigte van inkomste en uitgawes;

8.4 Indien 'n bedryfstak nie in staat is om die uitgawes verbonde aan 'n interne bedryfsorganisasie ten volle self te finansier nie, is die samestelling van die betrokke kongres en die komitee of bestuur,

die hou van sodanige en voortspruitende vergaderings en die aangaan van enige ander uitgawes, onderhewig aan voorafgoedkeuring deur die Landboubedryfskamer van Agri Wes-Kaap .

8.5 Die betaling van reis- en verblyfkoste sal geskied volgens die kode deur die Bestuur van die Agri Wes-Kaap Bedryfskamer neergelê.

8.6 Met die oog op die koördinering van optrede en die versterking en uitbouing van die eenheidsfront in landbougeledere, moet alle onderhoude met kabinetslede in oorleg met die Voorsitter van Agri Wes-Kaap geskied en moet alle onderhoude met enige persoon, liggaam of organisasie deur middel van die sekretariaat gereël word.

8.7 In oorleg met die belanghebbende organisasies in artikel 5 vermeld, kan 'n interne bedryfsorganisasie 'n lys van produsente in die betrokke bedryfstak saamstel.

9. ERE-TOEKENNINGS

‘n Bedryfskongres, hoofbestuur of bedryfskomitee - welke toepaslike liggaam ook al die hoogste gesagsliggaam van ‘n interne bedryfsorganisasie mag wees, kan op aanbeveling van die betrokke hoofbestuur of bedryfskomitee, ‘n ere-toekenning in die vorm van ‘n

oorkonde aan enige persoon of instansie gee vir besondere diens aan die betrokke organisasie of bedryfstak gelewer.